University of Pretoria, etd Crous P A (2006)

# 'n Prakties - Teologiese ondersoek na Gesinsdienste

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die Graad M. A. (Teologie)

Universiteit van Pretoria
Fakulteit Teologie

Petrus Arnoldus Crous

Studieleier: Dr F. J. Clasen
Medestudieleier: Prof C. J. A. Vos

2005

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)

# Inhoudsopgawe


| | | |
|---|---|---|
| Hoofstuk 1 | Inleiding | 4 |
| Hoofstuk 2 | Teologiese begronding vir Gesinsdienste | 13 |
| Hoofstuk 3 | Gemeentes se verhale oor Gesinsdienste | 46 |
| Hoofstuk 4 | Preekwerkgroep | 67 |
| Hoofstuk 5 | Afleidings en aanbevelings | 74 |

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)

# Abstract

## A practical-theological exploration of family sermons (Gesinsdienste)

There are a variety of sermons which families can attend in different kinds of congregations. The aim of this study is to have a look at family sermons. The target group is families with children in junior catechesis. Although the target group is flexible, one can say that it will be families with children from pre-school to about grade 6.

The theological starting point is twofold: the covenant and God's love. The one without the other is empty. The covenant can be summarized as follow: "I will be your God and you must be My people." God's love shines through in the life and work of Jesus Christ.

Three congregations were looked at to see how they handle family sermons. The congregations are: Skuilkrans in Pretoria, Pionierspark in Windhoek (Namibia) and Pietersburg-Noord (Polokwane North). Each congregation conveyed their history of family sermons. Questions about the room, time, other sermons of the congregations, preparation, liturgy, attendance, preachers, atmosphere, music and preaching were asked.

In Pietersburg-Noord there is a small group of congregation members who help with the preparation of the family sermons. A description of their functioning were given.

The conclusion is that family sermons won't work in all congregations. Each congregation must find their own identity. When starting family sermons in a congregation, one must remember that Rome wasn't build in one day and that the leaders of the congregation must be kept informed.

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



# Hoofstuk 1

# Inleiding

In dié hoofstuk word aandag gegee aan die tema van die studie, formulering van 'n titel, redes vir die studie en metodes wat gebruik word.

## 1 ***Vasstelling van die tema en formulering van 'n titel***

'n Mens hoef slegs 'n paar gemeentes in 'n stad, of groot dorp soos Polokwane, te besoek om te sien dat sommige gemeentes deur middel van verskillende eredienste tussen ***teikengroepe*** onderskei. Dikwels word op grond van ouderdom en inrigting van liturgie onderskei. In sommige gemeentes, byvoorbeeld, sal die meerderheid van die tieners en werkende jong mense eerder aanddienste bywoon as oggenddienste. Die liturgieë tydens oggenddienste kan ook verskil. Veral groter gemeentes (1500 lidmate of meer) het twee of meer eredienste op 'n Sondag. In dié eredienste verskil die teikengroepe.

Dit impliseer dat lidmate, wat die oggenddiens bywoon, dikwels nie dieselfde lidmate is wat die aanddiens bywoon nie. Sou 'n gemeente meer as een oggenddiens hê, hou dit waarskynlik in dat die ouderdomme en gesinsprofiele van erediensbywoners verskil. In Pietersburg-Noord (in die stad Polokwane) woon sommige lidmate die Tradisionele oggenddiens by; ander die meer informele Gesinsdiens. Die twee dienste geskied tegelykertyd. Uit die benaminge kan afgelei word dat die gemiddelde ouderdomme van die bywoners van dié twee dienste verskil. Saans is daar 'n Aanddiens waar die erediensbywoners se profiel weer verander.

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



Die situasie in Pietersburg-Noord kan dus deur die volgende skets voorgestel word:

Tradisionele erediens Gesinsdiens

Aanddiens

Die gemeente Pietersburg-Noord bestaan tans uit ongeveer 2350 lidmate. In die afgelope vyf jaar het die gemeente groei beleef in terme van getalle wat nie net aan geografiese redes toegeskryf kan word nie. Deel van die groei vind helaas uit ander NG Gemeentes plaas. Dit gebeur ook dat, veral jonger lidmate, na charismatiese kerke skuif. Dit is waarskynlik daaraan te wyte dat ons in ‘n tyd leef waar mense mobiel is en dat “lojaliteit” ‘n vreemde woord is.

Die drie dienste, soos hierbo voorgestel, se bywoning oorvleuel slegs gedeeltelik. ‘n Beduidende gedeelte van lidmate wat die eredienste bywoon, woon slegs een van die drie dienste by. Verder moet in gedagte gehou word dat gemeentegrense oop is.

Voorskoolse - en laerskoolkinders word in sommige eredienste as ‘n teikengroep gesien. In sommige situasies word hulle ouers by hierdie teikengroep betrek. Vir hierdie

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



teikengroep is daar ‘n verskeidenheid van eredienste met ‘n verskeidenheid benamings. Om sake te vergemaklik, gebruik ek die onderskeid wat in Pietersburg-Noord aangetref is / word:

- ***Kinderkerk:***

Daar is gewoonlik ‘n paar dames in die gemeente wat die verantwoordelikheid aanvaar om slegs klein kindertjies in ‘n “erediens” te akkommodeer. Hierdie “erediens” geskied tydens die ander oggenddienste in die gemeente. Die feit dat die organiseerders van hierdie “erediens” dit Kinder***kerk,*** of ‘n erediens noem, impliseer dat hulle spesifieke programme en doelwitte het. ‘n Doelwit sal byvoorbeeld wees om die kerklike jaar te volg, soos dit in ander eredienste in die gemeente gedoen word. Programme vind aansluiting by, onder andere, materiaal van die Algemene Jeugkommissie van die N G Kerk. ‘n Voorbeeld is “Ons het Jesus lief.” Dit is ‘n handleiding vir leiers in Jeugwerk. Sulke materiaal is met sorg uitgewerk en bied ‘n doel, hulpmiddels, Skriflesing en tydsverloop (Viljoen 1985: 22).

Die idee is dus dat ouers, reeds voor die aanvang van ‘n diens, hulle kind / kinders by die kinderkerk laat en na afloop van die “groot kerk” weer hulle kind / kinders kom haal. In ‘n mate funksioneer dit dus as ‘n spesialis oppasdiens. Soms is daar ‘n man of twee wat help.

Met klein kindertjies, wat hier die teikengroep is, word bedoel voorskool en Graad 1 en 2. In die meeste gevalle word goeie materiaal gebruik. Die datums van publikasies wissel en dis nie noodwendig dat die nuutste die gewildste is nie.

In Pietersburg het dit ongelukkig vir ‘n tydperk gebeur dat die kinderkerk uitgerafel het. Miskien het dit in ‘n groot mate gebeur, omdat die betrokke persoon se entoesiasme daarvoor getaan het. Sodra daar ‘n persoon was wat konsensieus verantwoordelikheid aanvaar het, het dit goed gegaan.

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



- ***Kinderdiens***

Dit is ‘n erediens in die kerkgebou wat twee keer per kwartaal geskied. ‘n Leraar (meestal die leraar met opdrag Jeug) aanvaar verantwoordelikheid. Die diens is kindervriendelik en die meeste volwassenes verdra dit ten minste. Die liturgie verloop soos aanbeveel word in die “Handboek vir die erediens” (Barnard 1988: 9 ev).
Kinders word gebruik tydens die preek en ander liturgiese momente. Tydens die preek sal kinders dus ‘n rollespel doen en later die offergawes opneem (as voorbeeld).

- ***Gesinsdienste***:

Dit geskied gewoonlik soggens tegelykertyd as ‘n meer tradisionele erediens in die oggend. Dit vind voor, of na die junior kategese, in die saal plaas. ‘n Leraar neem leiding. In die meeste gevalle is dit die leraar met opdrag Jeug. Buiten skoolvakansies en langnaweke, is daar elke Sondag Gesinsdienste. Die meer tradisionele diens vind in die kerkgebou plaas en die Gesinsdiens in die saal.

Gesinsdienste verg waagmoed. “Hy kán vir ons sorg omdat Hy magtig is, en Hy wil omdat Hy liefde is. Hierdie geborgenheid gee aan ons waagmoed. Mense wat veilig voel, kan dit uit hulle skuilplek waag en iets aan die wêreld doen” (König 2001: 98).

Ter wille van volledigheid, moet genoem word dat daar N G Gemeentes is wat verskeidenheid van moontlikhede gebruik. In wese is dit variasies van een tema. Dit alles word gedoen om kinders tuis en gemaklik in ‘n erediens te laat voel. Een moontlikheid is ‘n ***kindermoment*** in die Tradisionele erediens.

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



Tydens so ‘n kindermoment word kinders vir ‘n paar minute tydens die erediens betrek. Vir dié paar minute is daar redelik beweging in die erediens. Dié moment kan aansluiting vind by ‘n bepaalde liturgiese element en nie noodwendig by die preek self nie. Die Wet kan vir ‘n oomblik op ‘n kindervriendelike manier hanteer word. In sommige gevalle word die preek op ‘n kindervriendelike manier opgesom.

Wat daarna gebeur, is interessant. Die een moontlikheid is dat kinders dan uit die kerkgebou na die saal of kategeselokale beweeg. Kategese kan dan saam met die erediens plaasvind. Die res van die erediens fokus slegs op volwassenes. Die ander moontlikheid is dat die kinders in die erediens bly, maar nie regtig verder deelneem nie.

Skuiwe in gemeentewees wat tot nou toe genoem is, weerspieël in ‘n groot mate skuiwe wat besig is om in die groter samelewing plaas te vind. “Paradigmaskuiwe in ons samelewing het plaasgevind” (Müller 2002: 18 ev).

Post-modernisme gaan gepaard met enorme spanning en polarisasie in ons samelewing. Daar is baie veranderinge:

* Ineenstorting van enkele geloofsisteme. Daar is geen universele konsensus oor waarheid nie.
* Geboorte van ‘n wêreldkultuur.
* Nuwe polarisasie ontwikkel (Müller 2002: 20).

Te midde van hierdie mikro- en makroveranderinge, poog Gesinsdienste om erediensbywoning sinvol te maak vir bepaalde gesinne.

*Die mikpunt van hierdie studie is om Gesinsdienste te bestudeer. As teikengroep word gesinne met kinders in die junior kategese gebruik. Alhoewel die teikengroep plooibaar*

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



*is, sou mens dus kon sê dat dit gesinne is met kinders vanaf voorskool tot en met Graad 6.*

Kwalitatiewe, empiriese navorsing behels onderhoude met leraars en / of leiers van drie gemeentes, te wete: Skuilkrans in Pretoria, Pionierspark in Windhoek en Pietersburg-Noord. Al drie gemeentes het meer as 1500 lidmate en drie of meer voltydse leraars. Geografies is Skuilkrans deel van 'n groot en sterk groeiende metropool. Pionierspark is die Namibiese hoofstad en Pietersburg-Noord is Limpopo provinsie se hoofstad. Die ring van Windhoek bestaan uit agt Ned Geref Gemeentes en die Ring van Pietersburg uit vyf.

Om by die drie gemeentes uit te kom, moes ek ten minste met die drie gemeentes se leraars kommunikeer. Hierdie kommunikasie was persoonlik, per telefoon en per e-pos. Die afbakening tot die drie gemeentes het plaasgevind op grond van ooreenkomste in terme van Gesinsdienste. Nie al drie die gemeentes gebruik die term Gesinsdienste nie, maar die gemeentes se geskiedenis van eredienste en die huidige inrigting daarvan toon ooreenkomste.

Drie hoofstukke word gewy aan die gesprekke met die drie gemeentes en uitvloeisels uit die gesprekke:

- hoofstuk 3 handel oor gemeentes se verhale oor Gesinsdienste;
- hoofstuk 4 vertel Pietersburg-Noord se poging tot 'n preekwerkgroep wat op die Gesinsdienste betrekking het;
- hoofstuk 5 maak afleidings en aanbevelings rakende Gesinsdienste.

Hoofstuk 2 handel oor die teologiese grondslag van Gesinsdienste.

## 2 ***Doelstelling en motivering vir die studie***

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



Die doel van hierdie studie is tweeledig:

- beskrywing van bestaande Gesinsdienste in die drie genoemde gemeentes;
- interpretasie van die Gesinsdienste. Dit sluit die moontlikheid van aanbevelings vir gemeentes wat Gesinsdienste as spesialis eredienste oorweeg, in.

In Pionierspark was ek betrokke by Gesinsdienste van die aanvang van dié dienste (ongeveer 1996) tot in 2000. In die gemeente was ek deel van 'n span met drie leraars wat met die proses van Gesinsdienste in Pionierspark begin het. Elkeen van ons het vir ongeveer 'n derde van die Gesinsdienste verantwoordelikheid aanvaar. Pietersburg-Noord het vir 'n hele aantal jare die sisteem van Kinderdienste gehad. Aan die begin van 2005 het Gesinsdienste 'n aanvang geneem in die saal van Pietersburg-Noord se kompleks. Tans hanteer ek die grootste gedeelte van die Gesinsdienste in Pietersburg-Noord. Teen die einde van 2005 het daar 'n skuif in Noord gekom: die gemeente beroep 'n nuwe leraar - met opdrag Jeug - wat saam met my vir die Gesinsdienste verantwoordelikheid aanvaar. Ons preek meestal al om die beurt.

As ek noem wat my eie ervaring rondom Gesinsdienste is, weet ek dat talle ander mense my gedagtes gevorm en geslyp het. Daarom voel ek so 'n bietjie soos 'n Maori. "Mense sê dat as jy 'n Maori sou vra om homself bekend te stel, hy sal begin vertel van sy boom, dan sy berg, daarna sy rivier en uiteindelik sal hy sê wat sy pa en ma se name is en heel laaste sal hy vertel wat sy naam is ... " (Müller 2002: 1).

## 3 ***<u>Probleemstelling</u>***

Alhoewel gesinne 'n wye definisie het, word dit hier gebruik as pa, ma en kinders (vir meeste situasies). Uitsonderings sal gesinne wees wat familielede, of vriende het wat Gesinsdienste saam bywoon. Enkelouergesinne geld ook as gesin. In meer as een boek sien 'n mens dat daar 'n verskil in terme is. Veral Amerikaanse boeke gebruik die woord 'family' wat 'n mens in hierdie studie as gesin sou verwoord (Balswick J O & Balswick J

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



K 1990: 53).

In die Ned Geref Kerk het ons dikwels die manier om gesinne te skei. Dis nie te moeilik om voorbeelde daarvan te noem nie:

- Pa woon die kerkraadsvergadering by;
- Ma skink tee na die erediens;
- jonger kinders woon kinderkerk by;
- kategese geskied sonder ouers.

Gesinsdienste poog dus om gesinne se eenheid te bewaar wanneer gesinne, wat binne die teikengroep val, eredienste bywoon. By al drie gemeentes is daar ‘n gemaklikheid met oumas en oupas wat ook die Gesinsdiens wil bywoon. Daar is dus duidelik sprake van ‘n teikengroep, en min sprake van uitsluiting van sommige mense.

Tog is ‘n duidelike mikpunt dat Gesinsdienste vir kinders ontvanklik moet wees. As dit goed gaan met kinders in ‘n erediens, beleef hulle ouers dit dikwels ook positief. “Hulle (die kinders) moet ons eintlike teikengehoor wees en dan bereik ons die res soveel beter!” (Müller 1990: 21).

In ‘n Gesinsdiens word kinders deel van ‘n erediensbelewenis. Kinders word direk aangespreek. “Dikwels word die babatjies na die doopbediening uit die kerk uitgedra om nooit weer ‘n rol in die erediens te vervul nie, totdat hulle belydenis van geloof aflê ... Ons het dus ‘n pragtige teorie, of beginsel, naamlik dat kinders, net soos hulle ouers, lidmate van die gemeente is, maar in die praktyk word hulle doodgewoon as aanhangsels van hulle ouers behandel. In die erediens word hulle selde of ooit direk aangespreek” (Müller 1990: 15).

# 4 ***<u>Navorsingsmetode</u>***

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



Die pad wat gevolg is, was ten minste drie rondtes onderhoude in minstens drie afsonderlike gemeentes:

- die eerste gesprek was verkennend van aard. Toestemming is dus gevra vir die navorsing en 'n kort verduideliking is gegee oor die strekking van die studie. Twee uit die drie gesprekke het telefonies geskied;
- tydens die tweede gesprek word ongeveer 18 onderwerpe aangeraak wat strek van die aanloop (geskiedenis) van die Gesinsdienste tot by die praktiese inrigting van Gesinsdienste;
- met die derde gesprek word los drade bymekaargetrek en uitstaande sake bespreek.

Wat hierop volg is die resultaat van die gesprekke met die drie gemeentes waarna hierdie studie verwys. Van die mense by wie ek die meeste geleer het, was die kinders van meer as een gemeente. "Ons het al baie by ons kinders geleer" (Müller 2002: 7).

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



# Hoofstuk 2

# Teologiese grondslag vir die Gesinsdiens

## 1 *Vertrekpunt: die verbond*

Verskillende mense het verskillende behoeftes. Vir sommige mense is dit nie baie belangrik nie, maar vir ander is dit van kardinale belang om hulle geloof in 'n sin, of twee te kan opsom. 'n Gemeente se visie is dikwels 'n poging om dit waarin die gemeente glo, in 'n sin of wat op te som. Pietersburg-Noord se visie is: God gee om, daarom gee ons om.

As die Christendom in die breë gesien word, is daar ook pogings om kortliks saam te vat waarvoor ons staan en waarin ons glo. Vanuit die Gereformeerde wêreld is die kans goed dat "VERBOND" 'n belangrike woord en vertrekpunt sal wees. König stel dit soos volg: "Dit alles is kort saamgevat in die verbondsformule: *Ek sal vir julle 'n God wees, en julle sal vir My 'n volk wees"* ( 2001: 98). Die vertrekpunt vir Gesinsdienste is dus die verbond. " ... the concept of covenant is the fundamental and essential element in developing a theology of the family" (Balswick J O & Balswick J K 1990: 20).

Met hierdie kort samevatting van wat die verbond behels, maar wat ook 'n kort samevatting is van wat baie Gereformeerdes glo, kan mens maklik by die skeppingsdoel uitkom. Die verbond kan gesien word as die doel waarom die Here geskep het. God het 'n aarde gemaak met mense daarop. Hy staan in 'n verhouding met die mense wat Hy geskep het.

Hierdie verbond geld dus vir mense as enkelinge, maar ook vir mense as groepe. Die

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



Here het ‘n verhouding met Israel as ‘n groep mense gehad. As God met Abraham ‘n verbond sluit, het die verbond implikasies vir Abraham, maar ook vir die groep mense om hom. Dis nie net ‘n verbond tussen God en die individu nie. Dis ook nie slegs ‘n verbond tussen God en die mensdom nie. **Dis ‘n verbond wat mense ook op ‘n unieke manier onderling aan *mekaar* verbind”** *(Eie klem)* (König 2001: 95).

Lidmate in ‘n Gesinsdiens is mense wat as enkelinge in ‘n verhouding met God en as ‘n groep voor God staan. Die verbond gaan verder; dit verbind ook die mense in die Gesinsdiens aan mekaar - in die eerste plek as gesinne, maar ook as kinders wat in ‘n kategese klas is.

Reeds van die begin af is hierdie verbond een van genade; dis nie te betaal, of voor te werk nie. Die genadedimensie word eers duideliker toe Christus op die aarde geleef het, aan die kruis vir mense se sondes betaal het en daarna die dood oorwin het. “It is especially difficult to distinguish between covenant and grace. By its very nature, covenant is grace ... Grace is truly a relational word” (Balswick J O & Balswick J K 1990: 26).

Hoe die liturg die erediens inrig wanneer hy / sy ‘n Gesinsdiens hanteer, verskil van persoon tot persoon, maar die inhoud vanuit ‘n verbondsperspektief is duidelik: “ ... Wat verkondig ons as ons die evangelie verkondig? Hierop is die antwoord tog: *die groot dade van God,* sy groot dade in *die verlede, die hede,* en *die toekoms.* Hiervan hang eenvoudig *alles* af” (Cilliers 1996: 114). Hoe moeilik dit ook al kan wees, beteken dit dat die liturg nie moralisme kan preek, of eie klein boodskappies kan indra ter wille daarvan om oulik en aanvaarbaar wees nie.

Deur die Gesinsdiens poog die liturg daarna om mense in God se liefdeswerk geïnteresseerd te kry. Meer as een keer het dit die potensiaal om ‘n opdraande pad te wees. “The greatest danger threatening faith today ... is not the absence of information

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



and firm instruction, but the lack of interest in Jesus Christ and the failure of our hearts to be converted" (Babin 1991: 32).

As 'verbond' 'n sterk woord is, is 'liefde' net so 'n sterk woord. Juis omdat ons besig is met 'n verbondsgodsdiens en nie net 'n boekgodsdiens nie. Ons praat oor sake soos: God staan in 'n verhouding met mense en 'n mens met ander mense. Die manier hoe hierdie verbond tot uiting kom, is liefde. Ons sukkel daarmee, maar as ons God mag beskryf, sal ons sê dat Hy 'n God van liefde is.

Die verbond word verbreek wanneer daar skeiding tussen die Here en mense kom. Hierdie skeiding se oorsprong is sonde. Soos met die woord verbond, het die woord sonde 'n magdom verduidelikings. "Dit is dus meer korrek om te sê sonde is slegte verhoudings, ontrouheid in die verbond, die verkeerde omgang met God, ander mense, en die natuur." (König 2001: 162). Elemente soos die Wet, verootmoediging en skuldbelydenis bly belangrike onderdele van die Gesinsdiens. Die liturg kan werk aan afwisseling in die Gesinsdiens en elemente van die liturgie op verskillende maniere inklee, maar al die elemente van 'n liturgie moet op 'n manier in die Gesinsdiens hanteer word.

Dit is heel moontlik om byvoorbeeld met skuldbelydenis iets van musiek en stilte te maak - 'n kind of twee kan rooi kerse aansteek wat Jesus se bloed voorstel. "Kinders, as dooplidmate, is net soveel deel van die gemeente as die volwasse lidmate. En hierdie mag nie net 'n teoretiese beginsel wees nie. Dit moet in die kerkpraktyk tot uiting kom, en veral in die erediens waar die verbondsgemeenskap vergader" (Müller 1990: 14). Die gebrokenheid van verhoudings moet ook in Gesinsdienste aangespreek word - wel nuut verpak, maar dit kan nie vermy word nie.

'n Mens kan verras word oor waar ons in die Bybel oor die tema "verbond" kan lees. "The genealogies, though hardly the most exciting reading of the Bible, are important in

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



demonstrating the foundational fact of God's covenant. Those whom God has chosen to be his, live and die, but their descendants continue on, still in God's care. In the genealogies, one sees human beings placed in history, in families and ... placed as part of the orderly sequence of God's creative work" (Patton J & Childs B H 1988: 27).

## 2 *Hoe lyk 'n "normale" gesin?*

In hoofstuk 1 het ek die saak aangeraak. Meer aandag is egter nodig. Definisies en terme verskil wat "gesin" betref. Verskillende skrywers gebruik gewoonlik verskillende terme om na dieselfde saak te verwys. "Gesin" is in die omgangstaal iets wat na 'n pa, ma en kinders verwys. As 'n mens dus in berading of toerusting sou praat van "gesin van oorsprong," word die huisgesin, waar iemand as kind groot geword het, bedoel. Sou die woord "familie" gebruik word, sluit dit 'n paar gesinne in. Familie is dus gesinne wat aan mekaar verbind word deur bande van bloed.

Omtrent alle terme wat mens gebruik, het gebreke. Marais & Marais sal waarskynlik wonder oor Noord se gebruik van die term "Gesinsdiens." Deur hierdie term te gebruik, tree die liturg / gemeente uitsluitend op. Wat word dan van gesinne wat nie 'n pa het nie? Hulle sal, as hulle benadering reg verstaan word, waarskynlik die benaming Familiediens kies. In aansluiting met werk wat deur BUVTON gedoen word, kies hulle vir die woord "familie" wat meer insluitend is (Marais & Marais 2002: 6).

In Gesinsdienste is daar egter ook oumas wat hulle kleinkinders grootmaak en hulle word ook as 'n gesin beskou. Soos reeds bespreek, word hersaamgestelde gesinne ook as 'n gesin beskou.

Elke gesin is uniek. Daar is niemand wat vir hulle kan besluit oor hoe en wat hulle is nie. "Gesinne kan nie van buite nie, maar net van binne beskryf word. Elke gesin is uniek, met sy eie siel. Die resepte en voorskrifte van buite is in meeste gevalle niks werd nie"

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



(Müller 2002: vii).

Daar bestaan waarskynlik nie iets soos 'n normale, of ideale gesin nie. Enkelouergesinne, kinderhuisgesinne, gesinne wat 'n oupa by het, gesinne wie se pa vir 'n ruk in die tronk was, is almal gesinne. Daarom is dit nodig dat die liturg nie moraliseer oor wat 'n voortreflike, of ideale gesin is nie. Stukkende en heel mense is welkom in Gesinsdienste. Almal wat 'n Gesinsdiens bywoon, het 'n unieke verhaal, as enkeling, maar ook as deel van 'n gesin. "Gesinsverhale is nooit nét goed of nét sleg nie. Maar hulle is altyd uniek" (Müller 2002: 8).

"Dit lyk vir my asof al die gesinne waarmee ons in die eerste Bybelboek, Genesis, te doen kry, beskryf sou kon word as 'disfunksionele gesinne' " (Müller 2002: 10)
Van Genesis tot nou staan dit dus vas dat die gemeenskap van gelowiges / gemeente 'disfunksionele gesinne' het. Wat meer vasstaan, is die Here se betrokkenheid by hierdie gesinne. Hierdie betrokkenheid kan nie anders as om die hele Gesinsdiens in te kleur nie.

As 'n mens waag om die uitdrukking "disfunksionele gesinne" te gebruik, kry mens tog in die Bybel heelwat gerusstelling oor disfunksionaliteit:

- Dawid het gesukkel om sy kroos in toom te hou. Party wou die koning onttroon en het gesterf in die proses;
- Adam en Eva se een seun was 'n moordenaar;
- Eli se twee seuns het hom blatant geïgnoreer in die uitvoering van hulle priesterlike pligte.

Ouerskap is nie maklik nie. Daar is so baie faktore wat in gedagte gehou moet word. Om alles te kroon, het ons deesdae so min tyd om daaraan aandag te gee. "'n Gesin is 'n primêre eenheid van mense. Die eerste kring van nabyheid. Ons almal het so kring nodig" (Müller 2002: 13).

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



Dat ons dit nodig het, is min te betwyfel. Dis nie te sê omdat ek dit nodig het dat ek alles daar rondom verstaan nie. Verder nog - al definieer ek in ‘n groot mate myself deur deel van ‘n gesin te wees, beteken dit steeds nie dat ek alles rondom gesinne begryp nie. Om die waarheid te sê, om oor gesinne en families te leer, bly ‘n kurwe waarvan die helling van tyd tot tyd redelik styl is. “Experience shows that it is possible to observe family life, or even to be part of family life, and yet to be limited in understanding it because our vision is limited” (Balswick J O & Balswick J K 1990: 35).

Een van die sake wat nogal moeilik is om raak te beskryf en deeglik te begryp, is die oënskynlike teenstelling tussen die enkeling en die groep. Die tyd waarin ons leef, plaas groot klem op die regte van die enkeling en dat die enkeling mag praat wanneer dit hom of haar pas. Die regte van die enkeling kan soms die kollektiewe regte van mense benadeel. Wanneer ons oor Gesinsdienste praat, is die reg van die enkeling belangrik, maar die groep moet nie vergeet word nie.

Een van die normaalste dinge wat met ‘n gesin as ‘n groep mense kan gebeur, is mobiliteit. Hierdie mobiliteit raak meer as een vlak:

- baie gesinne in Noord het ‘n naweekhuis in Magoebaskloof, ongeveer 70 km van die kerkgebou af. As hulle oor ‘n naweek in die Kloof is, gaan hulle nie eredienste bywoon nie;
- ‘n gesin sal met groot opgewondenheid die Gesinsdiens vir twee of drie jaar bywoon en dan skuif hulle aan na ‘n ander erediens in die gemeente. Die rede is dat kinders grootword en hoërskool toe gaan; dan skuif gesinne gewoonlik na die Aanddiens. Vir die liturg behoort dit nie ‘n bedreiging te wees nie.

## 3 *Ooraanbod van inligting*

My ouma aan my pa se kant het in die Oos-Kaap grootgeword. Ouma Sarie was ‘n nooi Botha. Hulle plaas was ongeveer 30 myl van die see af. Een keer per jaar het hulle ‘n

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



ossewa gepak en by die see gaan vakansie hou. Op ‘n swart- en-wit foto sit sy as kind in die seesand en speel.

Eendag het ek haar uitgevra oor die seevakansies. Sy het vertel van al die kos en ander goed wat hulle op die ossewa gelaai het. Lewendige diere soos skape en hoeders is saamgeneem. Die skape is eerste geslag en die hoenders laaste, want die hoenders se eiers is tot ‘n dag of twee voor die einde van die vakansie nog geëet.

Die Desemberreis met die ossewa het hulle drie dae geneem - drie dae aan dertig myl, om vir ses weke by die see te gaan uitspan - en dit het hulle een keer per jaar gedoen. Oupagrootjie se boerdery het dan tot stilstand gekom. Die terugtog was weer drie dae aan dertig myl.

Die ander dag by ‘n informele byeenkoms van die Ring van Pietersburg, het die gesprek gehandel oor die aantal kilometers wat die gemiddelde motor per jaar ry. Almal wat aan die gesprek deelgeneem het, het ten minste twee motors en al die leraars se eggenotes werk iewers in die stad. Nadat almal reageer het, kan ‘n mens aflei dat dit naastenby 30 000 kilometer per jaar beloop.

Dink hieraan: Ouma Sarie het in haar leeftyd met ‘n ossewa drie dae lank gereis om dertig myl af te lê. Later het sy binne ‘n paar uur, 1500 km met ‘n vliegtuig gereis om by die kinders te gaan kuier. Die lewe het baie verander. Ek wonder of Oupagrootjie in sy hele lewe 30 000 kilometer ver gereis het. Hy is in die Oos-Kaap gebore en daar het hy sy laaste asem uitgeblaas.

Die lewe het baie verander:

- Die meeste kinders wat Gesinsdienste bywoon se ouers werk in die stad.
- Om vir ‘n dag van Pietersburg / Polokwane na Pretoria (Tswane) toe te ry en in die aand weer terug te keer is niks vreemd nie. Afhangende van wat ‘n mens in

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



Pretoria wil doen is ‘n totaal van tot 800 kilometer afgelê.

- Baie kinders wat by Gesinsdienste betrokke is, het op weeksdae aktiwiteite na skool; soms saans ook. As leraar met opdrag Jeug, maak die dominee met die kinders en tieners ‘n afspraak as jy hulle wil sien. Dit doen ‘n mens eers nadat ons programme vergelyk het.

Tydens gesprekke en berading kan ‘n leraar opmerk dat baie lidmate voel dat hulle aan ‘n moderne siekte ly: “informatius overladius”. Omdat dit gebeur, het alle mense filters. Menslik gesproke is dit onmoontlik om alle inligting wat ons pad kruis, in te neem.

Waarskynlik het ouma Sarie, geneties gesien, dieselfde filters as ek gehad, maar tog dink ek dat haar filters min, indien enigsins, verstop geraak het.

Iemand het in ‘n gesprek die volgende aan Bill Gates van Microsoft toegedig: hy is eerder vandag ‘n gewone mens met $ 100.00 in sy sak as ‘n koning van 300 jaar gelede by ‘n banket. Hoekom? Ter wille van die verskeidenheid. Toegegee - verskeidenheid is asemrowend. Toegang tot inligting vanuit Skandenawië, met rekenaars laat ‘n mense verwonderd, maar leef ons nie te vinnig nie?

Wanneer die liturg met lidmate in die Gesinsdiens besig is, moet hy of sy in gedagte hou dat dit mense is wie se programme vergelyk met die leraar se besige program. Die liturg kan goedskiks ‘n multi-media aanbieding hê, maar werk stadig met die hoeveelheid inligting en die tempo waarteen inligting meegedeel word.

Een van die dames wat in Noord met die poppekas help, is die hoof van ‘n kleuterskool. Sy reken dat daar met hierdie ouderdom kind in die Gesinsdiens elke sewe minute iets anders moet gebeur. In ‘n Gesinsdiens, veral, is dit goed en waar: wisseling tussen Skriflesing en ‘n rollespel; musiek en ‘n getuienis. Steeds bly die liturg daarvoor verantwoordelik dat die Gesinsdiens nie ‘n plek van pyn, lyding en uitputting moet wees

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



nie. Die Gesinsdiens is eerder 'n plek waar mense, kinders ingesluit, veilig en geborge moet voel.

Ons leef in 'n era van inligtingoorlading ("information overload"). Net in 'n gewone dag ontvang die gemiddelde mens 'n klomp seine / inligting wat 'n aanspraak maak op sy sintuie en geheue. "Never before have we suffered as we do today from a pollution of information" (Babin 1991: 120) Dis die omgewing waarbinne die kerk vandag relevant moet wees.

Die kanse is goed dat die moderne mens so vasgevang word in eksterne seine dat hy / sy sukkel om ook stil te raak om interne seine te hoor. Die Gesinsdiens, na my mening, behoort dus 'n plek te wees waar 'n mens veilig voel, nie seinloos nie, maar 'n plek van liefdesseine ook 'n plek waar mense (kinders ingeslote) kan reflekteer wat in hulle lewens aan die gang is.

Juis omdat mense filters het waarmee ons sekere sake insluit en ander uitstoot, moet ons weet dat lidmate ook so na die Gesinsdiens kyk. "Die mens word so oorspoel met feite, kennis, advertensies, standpunte, indrukke, belewinge, dat dit sy hele ingesteldheid verander ... Dit alles waaraan die moderne mens gewoond raak, word nou die maatstaf waarmee hy die erediens beoordeel." (Barnard 1985: 9)

Daarom is dit nie 'n slegte idee dat die liturg ook oomblikke van stilte en refleksie in sy eie lewe moet hê nie. Dit is ook goed om te weet dat lidmate nie klakkeloos aanvaar wat die liturg in samewerking met 'n preekwerkgroep opdis nie. Dit sal getoets word. "Naarmate er meer informatie voorhanden is - en onze wereld wordt overvoerd met informatie - des te meer zal de hoorder informatie toetsen op bruikbaarheid, effectiviteit en betrouwbaarheid " (Dingemans 1991: 81).

Om alles te kroon, is dit nogal moeilik om goeie en toepaslike materiaal vir

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



Gesinsdienste te kry. Oor prediking is daar meer stof as wat die gemiddelde predikant ooit sal kan lees, maar vir prediking binne Gesinsdienste is daar min direkte toepaslike stof. Wat wel beskikbaar is, het die potensiaal om deur sommige teoloë as "pienk boekies" gesien te word. Van die verhale wat Kerr byvoorbeeld weergee, is mooi om te lees, maar alleen die metode van opskrif, een teks en dan 'n mooi verhaaltjie, laat mens klaar wonder hoeveel diepte daar is en of die eksegese vertrou kan word? (1962: 13 ev).

## 4 *In 'n tegnologiese era bly mense, mens*

Of dit 'n internasionale tydskrif soos "Time" is wat op 'n weeklikse basis verskyn of 'n nasionale tydskrif soos "Topcar" wat maandeliks verskyn, laat 'n mens besef dat tegnologie hier is om te bly. In tydskrifte soos hierdie en in gesprekke met mense kom ek agter dat net 'n paar mense, wat ek persoonlik ken, tegnologies op datum is. Die mense is in voeling met hulle rekenaars, selfone, GPS'e, DVD-spelers, MP 3-spelers en hulle het 'n "memory stick" om die nek, net in geval hulle iewers iets moet oor- of aflaai - dis nou op die plekke waar "blue tooth" nie van toepassing is nie. Die meeste ander mense is tegnologies grotendeels agtergeblewenes.

Jongmense en kinders leef in 'n tydperk waar daar beduidende meer TV gekyk word as 'n generasie of twee gelede. Rekenaars het na TV sy verskyning gemaak. Musiek kan op meer as een manier elektronies oorgedra en na geluister word. TV en rekenaars, soos musiek, het 'n invloed op ons taal en kultuur. Tog bly kinders, ten spyte van al hierdie veranderinge, mense. Aanraking en kommunikasie speel steeds 'n rol. Anders is dit waar "...that the Roman Catholic archbishop of Lusaka said, 'We are all becoming electronic beings' " (Babin 1991: 9).

Ten spyte van al hierdie tegnologie, bly die mens steeds mens, met menslike behoeftes, wat die mikroskyfie insluit, maar ook verder as dit strek en daarvan verskil. Dit is my mening dat die kerk hier 'n belangrike rol het om in die samelewing te vervul.

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



‘n Refrein wat ’n mens deesdae  in boeke en lesings raaksien, is iets soos “high tech leads tot high touch.”  As mense se vingers net aan rekenaars se sleutelborde en selfone se knoppies raak, is daar die moontlikheid dat hulle aanrakings-ontrekkingsimtome gaan kry. Gesinsdienste het in Noord se geval baie moontlikhede vir persoonlike kontak deur die liturg.  Om kinders voor in die liturgiese ruimte te kry en deel van die groep te laat wees en ‘n kind se hand te hou, is ‘n boodskap van liefde wat in sommige gevalle meer te sê het as ‘n preek.

Die liturg het die potensiaal om aanraking aan te leer, sonder dat dit deel is van wie hy / sy is.  Egtheid is belangrik!  Kinders sal waarskynlik gou deur ‘n onegte liturg sien. Oor egtheid het Babin die volgende te waarneming:  Sou Jesus in vandag, of selfs sy eie tyd as ‘n goeie kommunikeerder oorkom?  Waarskynlik nie.  Die media sou Hom kruisig.  Wat Hy gesê het, was nie altyd duidelik nie.  Selfs Sy dissipels het hom van tyd tot tyd nie regtig verstaan nie.  Die rykes en dié met mag het dikwels nie baie van Hom gehou nie. Hy was onvoorspelbaar en nie deur die massa meegesleur nie.  Op ‘n keer was Hy woedend kwaad en geweldadig, maar gereeld was Hy sag met die veroordeeldes (1991: 71).

Veral wanneer ons programme te vol is, is dit moeilik om by hierdie egtheid te hou.  Jesus van Nasaret se kommunikasie het verder gegaan as die oordrag van kennis.  Dit het gegaan oor ‘n manier van wees.  Dit omsluit wat ek sê, dink en doen.

Die vertrekpunt in hierdie paragraaf is dat mense mens bly in ‘n era waar menslike kontak minder belangrik raak.  Daarinn dit speel vriendskap sekerlik ‘n groter wordende rol. Babin het dit in die tienerfase van rekenaars soos volg saamgevat:  “At a deeper level, the communication of friendship is the necessary counterbalance to a civilization of computers” (1991: 93).  Dit was die afgelope vyf jaar vir my ‘n voorreg om in Jeugwerk te spesialiseer.  Een van die sake wat my telkens opgeval het, was dat mense (van wie sommige lidmate is) dit waardeer as ‘n leraar in hulle belangstel.   Van die vyfjarige

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



seuntjie by 'n skool wat die vakansieprojek by die kerk bygewoon het, tot die oumatjie wie se kleinseun in 'n motorongeluk betrokke was, blom as 'n mens in hulle belangstel - dis die mense wat die liturg op 'n Sondag by die Gesinsdiens sien.

## 5 *Gebruik verskillende sintuie*

In een erediens is dit moontlik dat die liturg te doen het met lidmate wat hulle sintuie in verskillende rangorde gebruik. Vir die een is gehoor belangriker as sig. Ons leef in 'n era waar die mense se sintuie gebombardeer word. Baie mense se gehoorsintuig is belangrik, want die radio het 'n groot rol gespeel in die manier waarop ons grootgeword het. Vir ander mense is sig weer belangriker.

In 'n Gesinsdiens is dit belangrik dat die liturg aandag gee aan verskillende sintuie. 'n Paar maande gelede het ons in Noord die eerste baba tydens die Gesinsdiens gedoop. Vir die eerste doop het ons 'n nuwe fontein gekoop met 'n groot vis waaruit die water stroom. Tydens die doop is die doopformulier, soos gewoonlik in kindervriendelike taal, omgesit. Kinders kon voor kom staan. Daar was 'n oomblik van stilte, terwyl die kinders die water kon hoor. Die vis was 'n simbool van getuie wees en dat God se kinders vissers van mense is. Nadat die baba gedoop is, kon die kinders, wat wou, aan die water kom vat. Op dié manier is hulle aan hulle eie doop herinner. Nadat hulle hul sitplekke ingeneem het, het elke kind 'n kaartjie ontvang met plek om die datum en sy / haar naam in te skryf. In eenvoudige taal is die boodskap van die doop kortliks saamgevat. Die preekwerkgroep het, vir 'n beduidende gedeelte van die take rondom hierdie doop, verantwoordelikheid aanvaar.

Om sintuie en beweeglikheid te gebruik, hoef nie gekompliseerd te wees nie. Dit kan ook eenvoudige sake insluit soos 'n nagmaal wat tydens die Gesinsdiens gehou is. As vertrekpunt het 'n gesin kom getuig oor die sinvolheid daarvan om as gesin dinge saam te doen. Hulle was op 'n Lewensverrykingskamp vir gesinne. Tydens die nagmaal is die

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



formulier op 'n kindervriendelike manier hanteer. Gesinne het na mekaar gedraai (die kerksaal het los stoele) met die uitdeel van die elemente. Die pa van die huis het die instellingswoorde herhaal, nadat die liturg dit gebruik het. Daarna kon elke persoon eers die elemente ruik en dan eet. Weereens het die preekwerkgroep en die erediensbedieners (diakens) 'n groot rol gespeel.

Om sintuie te gebruik tydens 'n erediens te gebruik, is nie slegs die gebruik van 'n "power point" nie. Dit ook, maar anders en meer as net 'n "power point." Die gebruik van audiovisuele hulpmiddels is ondergeskik aan die oordra van die evangelie. Die Goeie Nuus kan dus ook onder 'n boom, sonder 'n mikrofoon gebruik word. Sou 'n mens in die Gesinsdiens wel die gebruik van audiovisuele hulpmiddels verkies, behels dit 'n ***pakket*** wat deurlopend aandag vereis.
Die pakket bestaan uit 'n goeie klanksisteem (veral 'n uitstekende afstandmikrofoon), 'n ligprojektor ("power point"), skootrekenaar, klavier en voorsangers met hulle mikrofone.

## 6 *Laat ruimte vir verskille*

So paar maande gelede het ek die voorreg gehad om vir 'n paar weke lank in Europa te gaan rondloop - vir die heel eerste keer in my lewe. Wat veral op die platteland van Duitsland, Frankryk en Italië opgeval het, is dat Engels nie regtig die wêreldtaal is wat baie mense glo nie. Baie mense in Europa praat doodeenvoudig nie Engels nie. Babin, wat waarskynlik 'n Fransman is, maak tog plek vir verskillende mense wat God op verskillende maniere verstaan en dien. Laat ruimte vir verskille! "...the thought came to me again and again and again that God has sufficient breadth to be both American and French" (Babin 1991: 16)

In die NG Kerk is die meeste lidmate Afrikaners. Daar is sommige mense wat Afrikaners in 'n blik wil druk. 'n Groterige blik, maar nogtans 'n blik. Daar is tye wat die in-die-blik-drukkers reg is oor Afrikaners.

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



Miskien het die situasie baie verander, of miskien het Afrikaners bietjie hulle oogklappe geskuif, of miskien ‘n kombinasie van beide, maar Afrikaners is nie meer onder een kombers toe te maak nie. Karin Zoid sing ‘n lied oor Afrikaners (Afrikaners is plesierig) wat baie Afrikaners laat gril van lekkerkry. Ander mense, wat ook Afrikaners en deel van een gemeente is, word met afsku vervul oor dieselfde liedjie.

In ‘n mate is dit ook waar van Afrikaners in een gemeente. Ons praat een taal, maar sny lankal ons hare op verskillende maniere. Ons hou steeds van somersklere in die somer, maar die safaripak is feitlik uitgedien. Om die waarheid te sê, is daar iets anders aan die NGK as bloot die kerk van wit Afrikaners. In Noord aanbid Chinese kort na die tradisionele oggenddiens. In Noord se belydenisklas is daar tieners wat die leraar as Oom aanspreek, maar wie se huistaal Noord-Sotho is.

In hierdie omgewing skrop die Gesinsdiens nes. In hierdie milieu bou die Gesinsdiens ‘n rekord op van: daar is plek vir verskillende kinders. In al die aspekte speel die egtheid van die liturg ‘n deurslaggewende rol.

Daarom, laat ruimte vir mense met verskillende sienswyses! “Thus in our sameness there is diversity” (Patton J & Childs B H 1988: 15). Binne gemeentes moet daar ruimte wees vir Gesinsdienste. Binne Gesinsdienste moet daar ruimte wees vir verskillende gesinne. Binne gesinne moet daar ruimte wees vir verskillende enkelinge. Later meer daaroor.

## 7 *Weg met ‘n godsdiens van waarneming en beoordeling. In met deelname*

Ons leef in ‘n tyd waar godsdiens dikwels deur ‘n sterk waarnemingsbeen gekenmerk word: ék kom kerk toe om te kom kyk wat gebeur. Daarmee saam het ons ook ‘n godsdiens van beoordeling: sommige eredienste werk en ander nie; by sommige predikers

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



vind ék aansluiting en by ander nie. Die Gesinsdiens is deel van die skuif na ‘n godsdiens van deelname: ons hoor nie net nie, maar voel, sien en soms ruik ons ook. Die boodskap wat lidmate kry, is dat hulle aan die erediens mag deelneem. Lidmate mag verskillende take in die erediens verrig. Daar is kinders wat mag help om die offergawes op te neem en ander kinders mag help om voor die erediens aankondigings uit te deel. Die kans is goed dat dit nie net ‘n geval van mág is nie maar ook ‘n geval van móét. “Churches whose Sunday School children are not integrated into the main worship services have declining numbers of children” (Brierley 1993: 198).

‘n Uitvloeisel hiervan, is deelname aan die sakramente.

## 8 *Egtheid van die liturg - almal maak foute*

Een van die eerste vrae wat mense vra as hulle nuwe mense ontmoet, is wat se werk die ander persoon doen. ‘n Amerikaanse besoeker aan die RSA tree in gesprek met iemand in die Townships van Kaapstad. Die lewe aan die voet van Tafelberg is vir hom baie interessant en hy vra maklik vrae aan die Suid-Afrikaner. Vroeg-vroeg wil hy dan ook weet: “How do you make your bread?” Die Suid Afrikaner antwoord hom dat hy nie sy eie brood maak nie, want al verdien hy minder geld as die gemiddelde Amerikaner het hy steeds genoeg geld om elke dag vars brood by die winkel te koop. Die kans is goed dat WAT EK DOEN in ons samelewing belangriker geword het as WIE EK IS.

Wie is ek? Dit is ‘n vraag wat die liturg maklik en gereeld aan homself / haarself kan vra. Die antwoord? Ons is sondige mense wat God se goeie dade aan mense oordra. Die liturg kan nie red nie, maar hy / sy kan Iemand aanbeveel wat kan red, skep en inspireer. Die Gesinsdiens is ‘n kommunikatiewe gebeure: God met mense en dan die mense wat antwoord (kollektief en as enkelinge). Oor kommunikasie in die Gesinsdiens: “The aims of communication should be judged first. The most human aim is not profit, success, audience ratings, or the transmission of knowledge. These elements are of secondary

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



importance only. The ultimate aim of communication is the spiritual fruitfulness of the partners" (Babin 1991: 97).

Wat vir my opvallend is oor Babin se manier van praat oor effektiewe kommunikasie in die erediens, is dat hy oor tegnieke en tegnologie praat, maar dan kom hy uit by sake wat elke liturg diep behoort aan te spreek. Babin reken daar is drie kenmerke wat nodig is om geloof oor te dra en wat in wese heiligheid definieer:

a Die kommunikeerder praat onder die invloed van 'n Hoër gesag;

b Die kommunikeerder openbaar deurlopend die paradoks van krag en swakheid;

c Die kommunikeerder van geloof moet sy "interiority" oorgee aan God. Alles wat kommunikeerder is, word dus aan God oorgedra (1991: 108)

By wat reeds gesê is, die volgende ter aanvulling: "Critical to effective communication is the ability to be genuine rather than pretending to be something one is not or faking what one does not really feel" (Balswick J O & Balswick J K 1990: 127).

## 9 *Interafhanklikheid*

by herhaling keer ek na die volgende punt terug: as gelowiges is die liturg en die res van die gemeente interafhanklik van mekaar. Min ander plekke in die gemeente wys dit so duidelik as 'n Sondagoggend met 'n Gesinsdiens. Dit begin vroeër by die preekwerkgroep, die poppekasspan en kontak met die musiekbegeleier.

As die liturg dus aandag gee aan leierskap in die gemeente, of eenvoudiger nog, net aansluiting vind by bestaande leiers in die gemeente, besef 'n mens dat deelnemende leierskap lidmate in staat stel om sake aan te pak en af te handel.

Vir die Gesinsdiens bly die liturg op die ou einde verantwoordelik, maar daar is 'n hele aantal sake waaraan ander lidmate kan aandag gee en die liturg hoef slegs kontrole uit te

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



oefen. As 'n mens die beginsel, dat mense aan die erediens moet deelneem, onderskryf, dan die volgende mooi opmerking: "Since preaching is essentially monoligical, how best can principles and practices of truly participative dialogue be incorporated? These problems challenge us ... to investigate colaborative forms" (McClure 1995: 47).

Wanneer hierdie interafhanklikheid skeefgetrek word, is daar 'n probleem. As ouers verwag dat die kerk hulle verbondsverantwoordelikheid moet nakom, is ouers, kinders en die gemeente in 'n verknorsing. "Daar is baie ouers wat te veel steun op die kerklike strukture en sisteme vir die Christelike opvoeding van hulle kinders. Hulle dink dat die programme wat die gemeente aanbied (jeugaktiwiteite en kategese) genoeg sal wees om kinders se geloof te vorm. Nuwe navorsing bevestig die ou wysheid dat die gesin die grootste potensiaal van alle instellings het om die geestelike en morele lewe van kinders te vorm. Daarom is die beste voertuie vir die oordra van geloof na kinders eenvoudige gesinsrituele (gewoontes soos Bybellees, bid en kerkgang) ... diensprojekte deur die gesin ... " (Müller 2002: 54).

Die Gesinsdiens kan hierby aansluiting vind en gesinne ondersteun. Wat Gesinsdienste nie kan doen nie, is om die plek van 'n gesin in te neem. Hierdie gedeelde verantwoordelikheid is 'n proses. Christendom is 'n geloof van 'n pad wat bewandel word. Gesinne in die lig van God, is gesinne wat besig is om te groei, te vernuwe, te reformeer.

## 10 *<u>Gesinsdienste en berading</u>*

Die bywoning van die Gesinsdienste hang van gemeente tot gemeente af. In Noord is daar selde meer as 300 mense wat dié erediens bywoon. As 'n liturg gereeld 'n Gesinsdiens hanteer, leer hy / sy baie van hierdie lidmate persoonlik ken wat beteken dat hy / sy ook by berading sal betrokke raak. As ons oor berading en die Gesindiens praat, is daar 'n paar basiese beginsels wat geld:

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



- Gesinsdienste en berading gaan hand aan hand. Die liturg kan goedskiks van profesionele hulp buite die gemeente gebruik maak, maar ten minste 'n deel van die berading sal op 'n manier aan die Gesinsdiens verbind word (en daarom die liturg self ook). 'n Voorbeeld: op 'n Sondgoggend het die liturg tydens 'n Gesinsdiens in Noord vir 'n Gr 2 dogtertjie gebid. Sy het emosionele probleme by die skool ondervind. Dieselfde kind sien 'n gelowige sielkundige wat 'n lidmaat van Noord is, dus is Gesinsdienste en berading in verskillende vorme ineengeweef.

  Vir 'n geruime tyd (tot ongeveer 1984) was die pad, wat die kerk in pastorale sorg gevolg het, die pad van gesekulariseerde psigoterapie. Daar is nou sterk aanduidings dat pastorale sorg terug beweeg na die godsdienstige gemeenskap, waar dit sy oorsprong het (Patton 1984: 10);

- "There is no ideal form for the Christian family towards which we should strive. There is, however, a normative function: care" (Patton J & Childs B H 1988: 12). Hierdie omgee behoort neerslag te vind in die hele Gesinsdiens. 'n Besonderse tyd vir omgee, is waarskynlik wanneer die sakramente bedien word;

- Op 'n manier moet die pastor lidmate se pastorale behoeftes aanspreek. As die pastor goed is met berading, sal hy / sy uit die aard van die saak 'n groot deel van die berading self hanteer. Sou die pastor byvoorbeeld Jeugwerk spesialiseer, sal hy / sy hierdie gedeelte van die berading kan aanspreek, of ten minste kan hanteer. Hoe dit ook al sy, lidmate en hulle pastorale behoeftes moenie geïgnoreer word nie. "The pastor must deal with particular persons and their needs regardless of whether he or she has finished all of the desirable research on their types of problems" (Patton J & Childs B H 1988: 12);

- Berading en die gereformeerde tradisie waarbinne ons staan, is nie van mekaar los

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



te maak nie. Erken die tradisie, put daaruit en leer daarvan. "The pastor who attempts to minister to a family stands between the faith tradition, wich she or he represents, and the particular family in need. The pastor is one who listens to what is said by both parties (Patton J & Childs B H 1988: 23). Daar is uit ons tradisie te leer en een van die belangrikste sake om te leer, is aanpasbaarheid. Daar is 'n tyd om by die tradisie aan te sluit en 'n tyd om daarvan af te wyk. Deurlopend is dit goed dat die liturg in gedagte hou dat die tradisie ondergeskik staan aan die Bybel.

## 11 *Uitvloeisel van Gesinsdienste: diens in die gemeenskap*

Reeds op universiteit verneem studente van die beginsel "na binne en na buite." Die gemeente, waar ek tans leraar is, het 'n besonderse kort en sinvolle visie: God gee om, daarom gee ons om! Na binne en na buite. Nie die een of die ander nie, maar beide. Daarom gee die gemeente aandag aan 'n verskeidenheid van eredienste, maar het ook deel aan 'n verskeidenheid dienste wat hulle buite die gemeente in die gemeenskap van Polokwane lewer. By die staatshospitaal is daar lidmate wat vir die kankerpasiënte tee gee, terwyl hulle vir behandeling wag. Die gemeente se voltydse, plaaslike sendeling is betrokke by die plakkerskamp net buite die stad.

Sake soos hierdie kán nie net nie, maar móét in die Gesinsdiens neerslag vind. Soms sal dit wees deur 'n preek wat direk aansluiting vind by omstandighede in die omgewing. In nog 'n erediens kan lidmate terugvoer gee oor diens wat in die samelewing gelewer is. "... care is not just feeling ... It also includes responsibility ... the responsibility requires action" (Patton J & Childs B H 1988: 19).

Alhoewel daar 'n groeiende omgeekultuur in Noord is, is die kultuur waarskynlik soos by ander gemeentes: 'n kultuur wat grotendeels op lidmate se eie kultuur en behoeftes fokus. Wat presies oorkant die spoor gebeur, raak lidmate minder. Rakende intergelowedebat

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



(byvoorbeeld die Christendom en tradisionele Afrika gelowe) net die volgende opmerking: "African Theology takes this interreligious dialogue very seriously" (Maimela & König 1998: 151). In Pietersburg-Noord raak ons nie eers daaraan nie, veral nie in die Gesinsdiens nie. In die Gesinsdiens fokus ons meestal op die Afrikaners. Miskien is dit goed dat die liturge betrokke by die Gesinsdienste deeglik van die intergelowedebat bewus is, maar die debat self moet nie in die Gesinsdiens neerslag vind nie. Prakties gesproke is dit 'n ietwat ander saak. Sou Sothokinders en hulle ouers by Gesinsdienste wil aanbid, is hulle baie welkom. Tans geskied die dienste net in Afrikaans, maar wie weet wat die toekoms inhou?

Wat ons nie kan doen nie, is om die omgewing te ignoreer. Tans raak die Gesinsdienste in Noord en ander gemeentes min aan armoede. Daar is 'n groot gaping tussen die mense wat eredienste bywoon en die lewensomstandighede van mense wat tien kilometer van die kerkgebou van Noord af woon. In terme van geld is heelwat lidmate meer bekommerd oor die stygende koste van tolhekke, selfone en gimnasiums as oor die arm mense wat op die drumpel van ons gemeentegrense woon.

Die litruge van die Gesinsdiens staan eerste in die ry van skuldiges. Dis in 'n groot mate hulle verantwoordelikheid om profeties op te tree in hierdie omstandighede. "Die prediker moet die eie konteks van armoede eksistensieel ken. Dit verg ook ideologiese-kritiese omgang met die sosiale, politieke en ekonomiese situasie van ons tyd" (Pieterse 2000: 99).

Dit maak 'n mens bang om die volgende te sê, maar "Eers wanneer die boodskap in die dade van die gemeente gesien kan word, is daar ten volle verstaan en het die kommunikasie geslaag" (Pieterse 1985: 168).

## 12 *<u>Ouers in die Gesinsdiens</u>*

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



‘n Groot pluspunt van Gesinsdienste is dat gesinne dit saam kan bywoon. Dit is my mening dat dit ook ‘n verantwoordelikheid op die liturg plaas om juis op gesinne te fokus. Op ‘n manier moet kinders en ouers by mekaar betrokke wees in die Gesinsdiens. Rakende gesinwees is die blote saamwees al ‘n belangrike wins.

Deur die prediking en ander elemente van die erediens is dit goed dat gesinne bewus gemaak word van die belang dat God gesinslede vir mekaar gegee het. Gesinne is nie toevallig by mekaar nie. God het hulle met ‘n plan bymekaar gevoeg.

Dit is goed as kinders nóú geborgenheid in ‘n gesin ervaar en nie eendag as hulle met hulle ouers ‘n volwasse gesprek kan voer, of eers wanneer hulle tieners is nie. By tye wanneer lidmate die woord ‘jeug’ gebruik, verwys hulle na tieners. Babas en kinders het ook ‘n plek. Hulle hoort net soveel in ‘n gemeente as hulle tienerbroers en -susters en ook net so veel soos hulle pa’s, ma’s en ook oumas en oupas.

Dit is dus goed as kinders vroeg reeds deel van ‘n gemeente is en voel en nie eers wanneer hulle “mooi groot geword” het nie. “The father, impatient for his child to grow up and become ‘something’ ... does not really take the child serioulsy and thus makes caring impossible” (Patton J & Childs B H 1988: 30).

Wat ook in gedagte gehou moet word, is dat daar in die Gesinsdiens verskillende vorme van gesinne verteenwoordig word, want huwelike beland op die rotse en menseverhoudinge versuur. Nuwe bande word tussen mense gesmee - tweede en derde huwelike word in Gesinsdienste verteenwoordig. “The church has often been better at grieving over the failure of first marriages and trying to locate the fault for the failure than it has been in caring for persons preparing for and struggling with second marriages” (Patton J & Childs B H 1988: 100). Heelwat kinders wat langs ‘n ouer in die Gesinsdiens sit, sit langs iemand wat nie sy biologiese ouer is nie. Dit is goed dat mense in die Gesinsdiens aanvaarding beleef.

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



Die manier hoe ouers 'n ouer binne en buite die Gesinsdiens moet wees, kry ons in die Bybel. "The central point of covenant is that it is an unconditional commitment which is demonstrated supremely by God in the role of parent" (Balswick J O & Balswick J K 1990: 22).

## 13 *Verskillende maniere van verantwoordelik wees*

As ons sê dat alle lidmate in die gemeente 'n taak het, is dit ook so dat verskillende lidmate op verskillende maniere verantwoordelik is. Een persoon is verantwoordelik vir teeskink na die oggenddiens en 'n ander lidmaat is vir die opstel van Bybelstudies verantwoordelik.

'n Deel van die probleem in die Nederduits Gereformeerde Kerk van leraars se perspektief op "integrerende / deelnemende leierskap" is nie die beginsel nie, maar dat hierdie leierskap dikwels nie aanvaar word nie. Heelwat lidmate stel nie daarin belang nie, of dit word slegs vir die kort termyn aanvaar. Soms word die gedeelde leierskap aanvaar; 'n klomp skuiwe word in die gemeente gemaak en die gedeelde leier vertrek wanneer probleme kop begin uitsteek.

Die persoon wat op die langtermyn verantwoordelikheid vir 'n gemeente aanvaar, is ongelukkig (en soms gelukkig) die dominee - ongelukkig vanweë al sy of haar tekortkominge.

"Clergy are accountable for professional growth and development in ministry in a way that laity are not" (Patton J & Childs B H 1988: 42).
Dit staan vas:

- As leraar is ek op 'n ander manier vir Gesinsdiens verantwoordelik as ander lidmate;

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



- As ‘n bepaalde ouderling nie sy sin kry nie, bedank hy sonder meer. As dinge nie uitwerk soos wat die leraar dit wil nie, kan hy / sy nie sommer net bedank nie. My vertrekpunt is dus: waarheen wil God? Hoe wil die Here hê moes sake oor tien jaar in die Gesinsdiens ontwikkel het? Ek beklemtoon by herhaling: ‘n wesenlike vertrekpunt van sinvolle langtermyn Gesinsdienste is die liturg se eie verhouding met sy / haar Skepper. Dit is dus moeilik vir ‘n liturg as lidmate ‘n kort termyn inset wil lewer sonder om die lang termyn gevolge te help dra.

Die liturg se taak bly steeds om oor God te praat en soos Jesus te leef (moeilik!). “Scripture as ‘God’s story’ invites readers to set their life ‘story’ in relation to its story” (McKim 1994: 133). Die Gesinsdiens gaan dus oor God en daar ontvang almal daarby betrokke God se genade en almal het ‘n verantwoordelikheid om dit te leef. Wat ons ook al sê of doen, dit handel oor God. “Preachers and listeners hold and articulate doctrines of the Spirit with wide differences, but the absence of the power of God reduces the delivery of the sermon to a sad repeat of the futile efforts of the seven sons of Sceva descibed in Acts 19: 11 - 16" (Craddock 1989: 17).

## 14 *Lewenswyse is belangriker as metodiek*

Verskillende soorte eredienste, in Noord, verg verskillende soorte insette, veral in terme van skakeling met verskillende mense wat by die erediens betrokke is:

***Tradisionele erediens:*** Die liturg skakel met min lidmate. Die koster en die musiekbegeleier is ‘n belangrike vertrekpunt. Met die koster word redelik min gekommunikeer rakende die erediens, indien enigsins. Die musiekbegeleier kies die liedere vir voorafsang en lofsang. Die liturg kan ‘n inset lewer rakende die slotlied en ‘n lied by die Wet of skuldbelydenis. Indien die litrug ‘n “power point presentation” wil doen, moet hy / sy ook skakel met die tieners wat die tegnologie hanteer;

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



***Aanddiens:*** Tydens die aanddiens kies die voorsangers musiek vir die eerste helfte van die erediens. Die liturg skakel dus weer met die musiekbegeleier rakende ‘n slotlied en met die tieners wat die tegnologiese hulpmiddels hanteer;

***Gesinsdiens:*** Die Gesinsdiens verg ‘n ander soort inset. Vrydag reeds moet die liturg ‘n inset lewer rakende die plasing van die poppekas, tekens rondom die sakramente, klank en tegnologiese hulpmiddels. Hierdie skakeling geskied met die koster. Aangesien die Gesinsdienste redelik nuut is, lewer die liturg Sondae ook insette rakende die musiekbediening se liedkeuse, opstel van klankapparaat; die poppekas se plasing in die erediens en inoefening van ‘n voorstelling. Alhoewel die verwelkoming van lidmate redelik glad verloop, is dit nie sleg om ‘n ogie daaroor te hou nie. As daar hulpmiddels gebruik word, moet dit gekontroleer word. Getuienisse en mense wat voorbidding vra moet ook nagegaan word. Dit is niks vreemd indien 20 - 25 lidmate iewers in die Gesinsdiens deelneem nie (bedoelende beweging tydens ‘n rollespel, aankondigings hanteer ensovoorts.) Hierdie 20 - 25 lidmate (wat ‘n ander taak in die erediens het as net luister en antwoord deur sang en geloofsbelydenis) sit gereeld voor ‘n Gesinsdiens en bid dat alles glad moet verloop. Die implikasie daarvan is dat die liturg maklik kan verval in ‘n super organiseerder en nie uitkom by goeie eksegese en voorbidding vir ‘n Gesinsdiens nie. In so ‘n geval val die klem op alle deelnemers op hulle bepaalde plek, eerder as op die liturg se oor na-aan God en sy / haar mond naby die gemeente se oor.

Verhoudings is belangriker as metodes. Die dominee se verhouding met God is die belangrikste verhouding waarin ‘n mens staan, want dis die vertrekpunt vir die lewe en vir die hou van Gesinsdienste. “In die hermeneutiek ... gaan dit nie primêr om ‘n metode nie. Dit gaan om die lewe. Of anders gestel: ons lewens... ‘n Metode is belangrik, maar dit het ook sy perke. Waar moet ons dan begin? By ons eie klein-menswees (met sy vooroordele, sy verstaanshorison) en ons eie klein-bestaan ... “ (Le Roux 2002: 384).

## 15 *Prediker openbaar homself*

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



"It is almost impossible to present a view of the world and educational options without revealing one's own life history" (Babin 1991:1).

Eredienste is vir die liturg ontblotend. Deur te praat, gebare te wys, stil te bly, saam te sing, 'n getuienis nader te roep, vertel hy / sy vir die gemeente iets van homself / haarself. Daar toon die liturg se voor- en afkeure, spanning, moegheid, maar ook opgewondheid, vreugdes. Miskien kan die liturg se woorde een saak oordra en sy / haar lyftaal wys iets anders.

Juis omdat erediens hou so 'n moeilike saak is, is dit goed dat die liturg eerlik met homself / haarself is. Erken swak- en sterkpunte. Moenie mik om foute te maak nie, maar indien dit gebeur, is dit nie nodig om totaal oorstuur daaroor te raak nie. In Pionierspark was ek gereeld baie bang om foute te maak. Foute het 'n gepaste, ernstige sinodale frons by die leraarsforum ontlok. Een van die dinge wat Noord my geleer het, was om foute met grasie te hanteer.

Miskien was dit die samelewing, miskien dominees self, miskien 'n kombinasie daarvan, maar soms is leraars bietjie op 'n troon. Miskien verwag die samelewing te veel van ons; miskien verwag ons kollektief en individueel te veel van onsself. Dit maak dit moeilik om eerlik met onsself te wees. Dalk is ons so besig om deur die eksegesebril na ander te kyk, dat ons nie 'n realistiese beeld van onsself het nie. "Dit is my oortuiging dat daar dikwels byna 'n onvermoë by predikers is om diep in onsself in te kyk. Die drang om objektief met die Woord om te gaan, maak ons meermale objektief in ons omgang met onsself en dit grens aan 'oppervlakkigheid.' Die Woord word byna misbruik om fout by ander te soek sonder eerlike gewilligheid om aan dit wat diep binne ons is, veranderend aandag te skenk" (Nel 2001:103).

Waarskynlik is een van die belangrikste dinge wat Gesinsdienste 'n mens geleer het, is om net jouself te wees. Die fisiese inrigting van Gesinsdienste het deels daarmee te doen.

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



Daar is vir lang tye tydens die erediens nie ‘n kansel om agter te staan nie; die spontaniteit van baie kinders kan ‘n liturg se planne in rigtings stuur wat nie beplan is nie; die beweeglikheid van kinders help die liturg om saam beweeglik te wees en die meeste mense trek redelik informeel aan - wat al klaar boekdele spreek.

Wanneer ‘n prediker nie net met lidmate oor God se Woord praat nie, maar ook gereed is om saam met hulle te luister, word dit ‘n uitdaging vir lidmate, maar ook vir die liturg. Net om te erken dat daar gereeld tye is wanneer die dominee nie alles oor die Bybel weet nie, het die potensiaal om blootstellend te wees. Erediensvoorbereiding is uitdagend en soms gewoon moeilik. “Learning to preach is difficult because preaching is difficult” (Craddock 1989: 19).

Sou ‘n liturg gereeld met ‘n spesialis erediens (soos Gesinsdienste) werk, word die veranderlikes selfs meer en verg dit konsentrasie om fokus te behou. “The fact is, preaching itself is a very complex activity. So many are the variables that even arriving at a satisfactory definition of preaching is a continuing task” (Craddock 1989: 16).

Dit het meermale gebeur dat ‘n leraar reken dat ‘n erediens, waarvoor hy / sy verantwoordelik was, goed afgeloop het, net om agter te kom dat die teiken nie getref is nie. Om die waarheid te sê, die moontlikheid bestaan dat die dominee nie eers op dieselfde skietbaan was nie.

Juis omdat eredienste vir die liturg so blootstellend is, is een van die belangrikste sake rakende die dominee sy / haar eie plasing in terme van sy / haar verhouding met God. Juis omdat ons na-aan God beweeg, mag ek bewend op ‘n Sondag sê: “Kom ons lees saam uit die Bybel.” As ons die Bybel lees en inneem, kan ons nie anders as om voortdurend vernuwe te word nie. “Hervorming is nie ‘n historiese gebeure nie. Hervorming is die *bestaanswyse* van die Kerk (Deist 1974: 53).

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



Die funksionering van die gemeente en die hou van eredienste is ‘n belangrike saak wat grotendeels van die leraar afhanklik is. So ‘n gewigtige saak kan ‘n leraar wakker hou. “Waar ook al daar ‘n doeltreffende / effektiewe (gemeet aan Reformatoriese norme) en gewoonlik groeiende gemeente is, is daar ‘n goeie kommunikator op die preekstoel. Met ‘effektief’ bedoel ek nie noodwendig ‘glamorous’ nie. Ek bedoel naamlik ... gemeentes wat ‘n verskil in hulle omgewing en samelewing maak” (Nel 2001: 8).

## 16 *Gesinsdienste behoort vir kinders sinvol en selfs aangenaam te wees*

Een van die gedagtes wat die dominee in die Gesinsdiens wil tuisbring, is dat erediensbywoning ook vir kinders aangenaam kan wees. “The gospel is good news....At any cost, I must set myself and others free from the prison of pessimism and formalism” (Babin 1991: 2).

Uit die aard van die saak gaan daar oomblikke wees wat vir lidmate minder aangenaam kan wees: om skuld te bely het dikwels die potensiaal om ontstellend te wees. As ‘n prominente persoon in die gemeente oorlede is, kan dit reflekteer op ‘n Gesinsdiens. Met dit alles gesê, bly ‘n Gesinsdiens ‘n plek wat vir doop- en volwasse lidmate ‘n plek is waar hulle tuishoort. ‘n Plek waar mens saam kan lag en huil; ‘n plek waar kinders en hulle ouers die Here kan dien.

Babin laat ‘n mens dink as hy die volgende sê: “...we can no longer speak of the efficaciousness of a liturgy, but rather we must speak of its beauty” (1991: 13). Sy argument is dus dat jongmense minder aangespreek word deur die inhoud van ‘n boodskap as deur die skoonheid daarvan. Hulle stel dus meer belang in die skoonheid van Godsdiens as in die bewys van God se bestaan.

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



Die interessante oor hierdie opmerking is dat, in die tyd wat Babin hierdie sake geformuleer het, meeste van die ouers, wat tans in die Gesinsdiens is, self kinders / tieners was. Ten spyte daarvan kan ons vandag aansluiting vind by Babin in die sin dat die liturg 'n rol te speel het in die inrigting van die liturgie. Die Gesinsdiensruimte moet 'n plek wees waar lidmate tuishoort. Daar mag elemente van die skone wees en simbole rondom die sakramente kan lidmate aanspreek.

Praktiese ervaring is dat kinders dikwels voel dat hulle 'n plek in die gemeente het as hulle aan die Gesinsdiens kan deelneem. Gesinsdienste is dus nie 'n sentrum vir ewigdurende pret nie, maar dit is ook verblydend as hulle voel dat dit 'n plek is waar hulle hoort en wel gesien word nie. Die blote feit dat kinders en hulle ouers die idee kry dat hulle in 'n erediens tuishoort, behoort vir baie gesinne sinvolheid te verleen aan Gesinsdienste.

Om kinders groot te maak, is nie altyd maklik nie. Gesinsdienste behoort 'n plek van min spanning te wees. Gedurende die week is ouers bekommerd oor huiswerk, buitemuurse aktiwiteite en hulle kinders se telefoonetiket, of gebrek daaraan. In die Gesinsdiens sou mens dit graag wou beleef dat mense voel daar is minder van hierdie tipe druk.

Die Gesinsdiens is 'n plek waar ons dikwels met vrolikheid en opgewondenheid en humor kan aanbid. "As die kind nie ereplek in die erediens kry nie, verdwyn die *homo ludens* (spelende mens) uiteindelik uit ons godsdiens ... Kinders het grootmense nodig om hulle te laat besef dat die lewe nie net uit speletjies bestaan nie, maar grootmense het ook kinders nodig om hulle gedurig daaraan te herinner dat die lewe nie net uit werk bestaan nie" (Müller 1990: 17).

## 17 *Die gemeente as familie*

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



Die beginsel dat Christene familie van mekaar is, wys na twee kante. Aan die een kant is Christene mekaar se familie en aan die ander kant is ons kinders van God die Vader (Burger 1997: 7). God is baie anders, groter en onbegrypliker as wat ons vermoed, maar wat ons wel van God weet, is baie gerusstellend: God se Vaderskap beteken dat hy vir ons sorg. As ons sê dat God sorg, kan ons ook nie anders as om te erken dat ons net in beelde oor God kan praat nie. God is soos ... Soos ‘n Vader wat sorg. Hierdie sorg beleef God se kinders in die Gesinsdiens, maar ook wanneer hulle nie ‘n erediens bywoon nie.

God se vaderskap beteken ook dat Hy ons liefhet, meer as wat ons ooit kan bereken. Om te sê dat God liefde is, is in heelwat gevalle ‘n stelling wat dikwels, maar sonder veel betekenis gebruik word. Ons sien dit op kansels en kerskaartjies. As ‘n mens dit so baie hoor, kan dit gebeur dat die impak daarvan verklein. Dit bly egter goed om daaraan herinner te word dat God het ons liefhet. Nie oor wat Sy kinders al bereik het nie, nie oor die mooi dinge wat Christene kan sê, of skryf nie, maar oor wie en hoe God is.

Dat God vir ons lief is, beteken dat ons nog ‘n kans kry - ook die man in die Gesinsdiens wat die afgelope week uit die tronk gekom het en die gesin wat sukkel om ‘n hersaamgestelde gesin te wees. So ook die pa wat nie afskakel na ‘n week se werk nie - sy kantoor bly in sy gedagtes. As ‘n mense nog ‘n kans kry, is dit omdat die kruis daar was. Om oor die kruis te praat, is soos liefde: ‘n mens hoor dit so baie dat dit die potensiaal het om nie by ‘n filter verby te kom nie. Lidmate hoor dit tydens die Gesinsdiens, maar dit het breedte dog nie diepte nie.

Om ‘n nuwe besittings te koop, is ‘n heerlike ervaring vir ‘n baie mense. In die volksmond sê mense dat die persoon heilig is op sy nuwe kar. As ons so erg is oor iets nuut wat ons gekoop het, begin ons net gedeeltelik te verstaan hoe erg God oor ons is (Burger 1997: 30).

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



“As God liefde is en Hy is ook almagtig, hoe kan dit dan wees dat daar sulke vreeslike dinge in die lewe gebeur - ook met God se kinders? Ons moet maar erken dat dit een van die moeilikste vrae in die teologie is ...” (Burger 1997: 36). Liefde en lyding is sake wat nie in die Gesinsdiens vermy kan word nie. Daar is mense wat reken dat lyding ‘n leerskool is. Selfs met dit gesê, is gelowiges nie klaar oor lyding gedink nie.

Elke lidmaat, doop en belydend, het ‘n bril op waardeur hy, of sy kyk; ook hoe hy of sy God ervaar. Daar is mense wat God ervaar as broos en gebreek aan die kruis; ander beleef God as die versorger. Daar kan ook mense wees wat die Here sien as die veraf Een, die Een met die sterk stem wat straf wanneer toepaslik. Van liefde en genade is daar min sprake. Deur genade en liefde aanvaar die Here egter afvalliges, sondaars - enigeen.

Talle mense het ‘n weerstand teen God. “Deel van ons weerstand teen God se wil vir ons lewe lê waarskynlik daarin dat ons vermoed dat die Vader onmoontlike dinge van ons verwag ... Ons hoef nie bang te wees dat die Here ons in iets sal indruk wat nie vir ons kan werk nie ... Dit gaan nie noodwendig altyd maklik wees nie - niemand het dit beloof nie - en dit hoef seker ook nie elke oomblik lekker te wees nie, maar totaal onmoontlik ... sal die uitvoering van ons Vader se wil nooit wees nie!” (Burger 1997: 55).

Deel van die Vader se wil is dat ons van Hom afhanklik is en dat ons hierdie afhanklikheid erken en ons lewe daarvolgens inrig. As ‘n mens sou besluit dat dit nie aanvaarbaar is om van suurstof afhanklik te wees nie, sou mens teen die afhanklikheid kon rebelleer. Daar bestaan selfs die moontlikheid dat natuurwetenskaplikes die moontlikheid van ‘n suurstoflose samelewing kan ondersoek, maar dit gaan geen verskil maak dat mense nie sonder suurstof kan leef nie. Of ons daarvan hou of nie, suurstof is absoluut noodsaaklik vir lewe. “So is dit met ons afhanklikheid van God” (Burger 1997: 77).

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



Soos ‘n kindjie van sy ouers afhanklik is, is God se kinders van Hom afhanklik. Gelukkig is een van die beste eienskappe van kindwees om te ontvang. Wat God se kinders is, is ons deur sy genade.

“Christen-volwassenes het reeds so diep ingekoop op Westerse kapitalisme met die gerief en gemak wat dit meebring, dat hulle glad nie meer wil swaarkry nie. Hulle sien nie eers kans vir die pyn van leer nie” (Burger 1997: 91). Die volgende blyk hieruit: kinders leer makliker as hulle ouers, maar ouers is bang om te leer want volwassenes wil nie verkeerd bewys word nie. Om soms swaar te kry, leer ons iets van die lewe. Daarom is leer meer as net dit wat op die internet, of in boeke te lees is. Leer gaan ook oor ervarings wat ek opdoen, terwyl ek lewe.

Gesinsdienste gaan oor meer as sukses, besittings en plekke wat al besoek is, dit gaan oor gesinne se lewenskuns. Agter op ‘n motor het ‘n plakker met min of meer die volgende woorde nogal aandag getrek: Die een wat wen, is die een wat die meeste speelgoed het as hy doodgaan. Totale materialisme is leeg. Die lewe handel oor meer as wat versamel kan word.

“Ons maak ‘n groot fout as ons die Vader-kind verhouding wat daar tussen God en ons bestaan, romantiseer en dit bloot in terme van ons Westerse vryheidsdenke wil verstaan” (Burger 1997: 103). Soos kinders aan hulle ouers gehoorsaam moet wees, moet God se kinders aan Hom gehoorsaam wees. In die Weste bestaan daar dikwels die opvatting dat kinders liefdevol versorg moet word, maar verder moet ‘n mens hulle die vryheid gun om te ontwikkel soos dit hulle pas. Die Bybel praat anders oor vryheid. ‘n Deel van ouers se verantwoordelikheid is juis om aan kinders duidelik rigting te gee oor hoe hulle die lewe moet benader.

Daar is mense wat die uitdrukking ‘kinders van God’ maklik en vrylik gebruik. Alle mense is kinders van God, want alle mense het van nature iets goeds in hulle. “Maar in

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



die Bybel word die begrip kindskap van God baie suiniger en meer gereserveerd gebruik" (Burger 1997: 117). God het alles gemaak en is vir alle mense lief, maar die term 'kind' word uitgesonder vir 'n spesifieke groep mense. Kinders van God is mense wat die Here se seggenskap oor hulle lewe aanvaar. 'n Mens word dus 'n kind van God deurdat ons Jesus as Verlosser aanneem.

Kindskap beteken dat niemand neutraal kan wees nie. Daar is mense wat hoop dat daar 'n neutrale posisie kan wees in ons verhouding met God - Iets tussen goed en sleg. Oor hierdie tussenposisie sal daar eendag sag geoordeel word (Burger 1997: 120). Die regte verhouding met God is meer as papier wat sê dat ons sy aangenome kinders is. Hy wil ons na Hom, sy Vader, laat lyk.

As die Gesinsdiens soos 'n uitgebreide familie funksioneer, sal lidmate voel dat hulle daar hoort. Dis 'n plek van veiligheid, 'n plek waar menswees van belang is. Familiewees lok mense na binne. Styfheid en formaliteit gaan tog ietwat verlore in 'n Gesinsdiens, maar dit is nie noodwendig altyd sleg is nie.

Prestasie tel baie in ons samelewing en in 'n Gesinsdiens kan daar vir skole se leiers gebid word, maar ***wat 'n mens is, is tog belangriker***. In 'n familie tel menswees baie, daar is ruimte vir groei en verandering.

"Die Bybel sê vir ons dat die getuienis van die kerk feitlik geheel en al saamhang met sy uniekheid. Dit is nie die feit dat gemeentes soos *families* is wat hulle uitsonderlik maak nie. Dit is juis die wonder dat hulle *meer* kan regkry as gewone families wat kan maak dat mense verwonderd na die kerkfamilie kyk" (Burger 1997: 157). Die kerkfamilie kan meer regkry omdat die Heilige Gees ons inspireer. Dit is waarskynlik deels so aangesien die kerk 'n wye verskeidenheid van mense het - mense wat verskeie bydraes kan lewer en vir wie daar plek en veral liefde moet wees.

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



Om Jesus na te volg, is net nog ‘n saak wat mense saam met talle ander sake aanpak nie. Omdat ons ***in*** Christus is, kan ‘n ander benadering aanbeveel word. Omdat Christene in Christus is, is ouerskap ‘n saak van liefde. Omdat die Heilige Gees krag gee, doen God se kinders hulle werk met ywer. Jesus se navolgers doen nie noodwendig meer nie, maar doen anders - anders, omdat God vir hulle ‘n liefdevolle voorbeeld is.

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



# Hoofstuk 3

## Gemeentes se verhale oor Gesinsdienste

‘n Deel van die studie was kontak met ‘n verskeidenheid gemeentes oor spesialiseredienste in dié gemeentes. Daar is redelik variasie op die tema. Die drie gemeentes waarop gekonsentreer word, is:

1 Skuilkrans in Pretoria (onderhoud met dr Jan Bisschoff te Skuilkrans gemeente op 23 Maart 2005);

2 Pionierspark in Windhoek (e-posse met Di André Theron en Dries Burger gedurende die winter van 2005);

3 Pietersburg-Noord in Polokwane (deurlopende gesprekke met die leiers en ‘n preekwerkgroep vir Gesinsdienste).

Alhoewel daar rekord van my gesprekke met die drie gemeentes is, is daar eerder op die saak gekonsentreer (byvoorbeeld liturgiese ruimte) as op die presiese woordewisseling van uit die e-posse en onderhoude.

Die drie gesprekke is dus volgens oor sake gevoer en die reaksie daarop word in hierdie hoofstuk weergegee. Met elkeen van die gesprekke is ‘n kort agtergrond van my studies gegee en daarna het die sewentien onderwerpe aan die orde gekom.

Een van die belangrikste redes waarom kerkrade verkies om bepaalde eredienste te hou, is waarskynlik verskillende teikengehore. Verskillende teikengroepe het verskillende behoeftes. Een van die sterkste behoeftes wat by Gesinsdiensbywoners te bespeur is, is dat daar ‘n sekere gevoel moet wees. Miskien gaan dit oor atmosfeer in ‘n erediens en die HOE van geloofsoordrag. “...it is often not the explicit message of the rationalistic arguments that are

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



most important in communicating faith, but the deeper tones of feeling and background, aspects that hardly enter into our awereness" (Babin 1991: 9).

Om Gesinsdienste in 'n gemeente te begin, beteken om buite bestaande raamwerke te beweeg. "Waag" is die wagwoord. Vir kerkrade is dit soms moeilik om sake rakende Gesinsdienste te verstaan. Van 'n groepie mense wat in die beginsel glo, verg dit deursettingsvermoë. Die liturg sal moet bereid wees om oor 'n paar atletiekbane vol hekkies te beweeg. Hierdie is immers nie 'n erediens waaraan lidmate en liturge gewoond is nie. "Om te preek beteken ook om jouself te gee en jou lewe te waag vir die boodskap wat jy bring" (Pieterse 1985: 117 ).

Om die saak van Gesinsdienste aan te pak, impliseer dat lede in die gemeente nie die beginsels gaan snap of sonder meer aanvaar nie. Om die waarheid te sê, daar gaan lidmate wees wat nie eers die terme rondom Gesinsdiens gaan verstaan nie. "Ondersoek het byvoorbeeld aan die lig gebring dat mense vandag 'n groot en helder woordeskat ten opsigte van hulle beroepswêreld het. Op ander terreine is hulle woordeskat egter beperk en is die begrippe vir hulle vaag" (Pieterse 1985: 114 ).

# 1 ***Geskiedenis***

*Op watter manier het die gemeente met Gesinsdienste begin? Het die beginsel van Gesinsdienste by julle gegroei?*

Toe dr Jan Bisschoff in April 1989 in Skuilkrans begin werk het, was daar reeds 'n tipe Gesinsdiens. 'n Duidelike begin is dus nie naspeurbaar nie. Hulle is dus ongetwyfeld die gemeente wat die langste daarmee besig is. Pionierspark is sedert 1997 besig met

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



Gesinsdienste. Wat uitstaan, is die hoeveelheid vooraf gesprekke en die ken van alle belanghebbendes in die saak van Gesinsdienste, voordat 'n begin gemaak is. Die aanloop tot Pietersburg-Noord se Gesinsdienste was die beplanning van Fokus 40 aan die einde van 2004. Fokus 40 is 'n program wat gekoppel is aan 'n boek van Rick Warren (2002: 9 ev). Daar is van gemeentelede 'n sekere verbintenis verwag vir die typerk van 40 dae. Die verwagting by die leierskap was dat die oggenddiens oorvol sou wees. Die idee van Gesinsdienste is toe aan die Leierskap van die gemeente voorgelê. Ten minste een van die leiers was duidelik skepties, maar die Jeugkommissie het die saak ondersteun. Op grond hiervan is daar toestemming gegee vir Gesinsdienste in Pietersburg-Noord vir ten minste die duur van Fokus 40. Daarna sou die saak geëvalueer word om te sien of Gesinsdienste lewensvatbaar is.

Van die begin af het die Gesinsdienste in Noord aan die verwagtinge voldoen. Daar is 150 - 300 lidmate wat die eredienste bywoon en die Tradisionele eredienste se bywoning is sodanig dat ons nie tydens slegs een diens die aantal lidmate in die bestaande strukture sou kon huisves nie. Sou Noord tydens en na Fokus 40 slegs een oggenddiens hê, sou die gebou na alle waarskynlikheid ongemaklik vol wees.

Skuilkrans het met die aanvang van Gesinsdienste gereken dat dié dienste kindervriendelik moet wees. As die kinders tuis voel, is die kans goed dat hulle ouers daarmee gemaklik sal wees. Aanvanklik was die dienste baie formeel. Die dominee het die liedere gekies en alleen verantwoordelikheid vir die eredienste aanvaar. Een van die belangrikste skuiwe was dat 'n groepie ma's gedeelde verantwoordelikheid vir die dienste begin aanvaar het. Na sestien jaar is die Kerkraad steeds merendeels positief oor die Gesinsdienste.

Pionierspark se fokus het verskuif van 'n diens wat sommige lidmate as 'n kinderdiens sou beskryf, na 'n groter fokus op gesinne in die diens met kindermomente tydens die diens. In die gemeente staan dit ook nie meer as Gesinsdienste bekend nie. Die leraars

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



betrokke by die dienste noem dit "net nog 'n erediens op 'n Sondag." Die identiteit is dus eerder aan 'n spiritualiteitstipe as aan 'n ouderdomsgroep gekoppel. Tydens die oggenddiens is daar dus ruimte vir verskillende spiritualiteitstipes tydens twee eredienste in Pionierspark.

# 2 ***Lokaal***

*Waar vind die Gesinsdienste op die kerkterrein plaas? Is die ligging van die lokaal doeltreffend?*

Skuilkrans is goed ingerig vir die opset van 'n Gesinsdiens. Die saal is naby die kerkgebou en die gemeente het 'n treffende uitstalling in die ingangsportaal. Die uitstalling lyk maklik wisselbaar, maar dit wat 'n mens kon waarneem, sou gesinne tuis laat voel. Die saal kan maksimum 400 mense op losstaande stoele huisves. Daar is dus die moontlikheid vir beweging, sou 'n bepaalde erediens hom daartoe leen. Die twee sakramente se tekens is duidelik in die saal sigbaar. Daar is 'n verhoog wat gedeeltelik as liturgiese ruimte dien en op die verhoog staan 'n poppekas wat gereeld deel van die erediens uitmaak.

Pionierspark se fisiese fasiliteite maak ander gemeentes dikwels groen van jaloesie. Die kerk is pragtig en van ver af sigbaar. Die saal staan baie na-aan die kerkgebou (ongeveer 30 m). Die kerkgebou se erediens het feitlik nooit 'n invloed op die saal se diens nie, maar andersom is dit soms steurend. Die saal by Pionierspark het 'n paar dubbeldeure aan die kante, wat ook na die kerkgebou oopmaak. As die saal se deure dus oop is, kan klank 'n steurende rol speel. Die saal het die voordeel dat dit 'n meer informele

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



atmosfeer het en lidmate maklik toegang tot toilette het. As kinders ongemaklik raak, is dit vir ouers maklik om die saal te verlaat. Die leraars beleef egter nie altyd die saal doeltreffend in terme van akoestiek en warmte nie. Aan die een kant skep die verhoog sigbaarheid deur hoogte, maar daar is bepaald afstand. Die saal het 'n galery wat die ander sale nie het nie. Daar kan dus baie mense (ongeveer 600) in die saal sit.

By Noord is dit waarskynlik 'n geval van leer by die ander gemeentes. Gesinsdienste vind ook in die gemeente se saal plaas. Ten minste die doopsakrament se teken is duidelik sigbaar in die vorm van 'n fonteintjie wat Sondae aangeskakel word. Die saal huisves 500 mense as dit volgepak is, maar deur kringetjies vir kategese is daar nie maklik die idee van 'n leë saal as daar slegs 200 mense in die saal is nie. In die praktyk beteken dit dat daar ongeveer 300 stoele in die saal uitgepak word vir die erediens om 09:00 met vyf tot agt kategesekringetjies wat om die stoele gepak word. Moeite word gedoen om die liturgiese ruimte "warm" te maak. Die poppekas is ten minste elke tweede Sondag deel van die erediens en die kas is in warm kleure geverf. 'n Vleuelklavier word vir begeleiding gebruik. Saam met die klavier is daar twee groot matte wat oopgerol word, asook 'n klompie klein stoeltjies rondom die matte (kinders kom dus op verskillende stadiums van die erediens voor in die liturgiese ruimte sit. Vir die grootste gedeelte van die erediens sit hulle egter by hulle ouers.)

# 3 ***Tyd***

*Beïnvloed die tyd van die Gesinsdiens en die ligging van dié erediens ander eredienste van die gemeente? Vind die Gesinsdienste gelyktydig met ander eredienste plaas?*

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



Twee gemeentes se aanvangstye is dieselfde naamlik Noord en Pionierspark. Dit begin om 09.00, op dieselfde tyd as die diens in die kerkgebou. Die beweging van lidmate na en van die dienste werk selde hinderlik op mekaar in. Die duur van die Gesinsdiens is 45 - 60 minute. Junior kategese vind na die erediens plaas.

Skuilkrans se benadering is effens anders. Die diens in die kerkgebou begin om 08.30 en duur ongeveer ‘n uur. Die Gesinsdiens begin 15 minute later, om 08.45 en duur 45 minute. Die beginsel is dus dat die twee dienste min of meer op dieselfde tyd eindig. Na die oggenddiens vind Junior kategese plaas.

By hierdie punt het Pionierspark ‘n interessante opmerking gemaak. Mettertyd kies mense waar hulle wil aanbid (eredienste bywoon) - in so mate dat wanneer die gemeente ‘n gesamentlike diens in die kerk hou (wat in Pionierspark se geval groot genoeg is), daar lidmate is wat omdraai as hulle sien dat daar nie ‘n diens in die saal plaasvind nie.

# 4 ***Plasing***

*Plasing van die Gesinsdienste met betrekking tot ander eredienste in die onderskeie gemeentes. Watter ander eredienste vind in die gemeente plaas en watter invloed het dit op mekaar?*

Pietersburg-Noord mik vir vier eredienste op ‘n Sondag tydens die skoolkwartale. Daar is dus nie Gesinsdienste in skoolvakansies en oor langnaweke nie. Die teikengroep vir die drie dienste verskil. Elke diens het op ‘n natuurlike manier ‘n naam ontwikkel oor die laaste jaar:

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



[a] die Tradisionele diens vind elke Sondagoggend plaas. Daar is wel gesinne met klein kinders wat dit bywoon, maar dit is redelik min. Nie een van die dienste word dus ‘n hoofdiens en onderhoofdiens genoem nie. Tradisioneel is hier ‘n gemaklike woord en word nie smalend gebruik nie;

[b] die Gesinsdiens vind saam met die Tradisionele diens in die saal plaas;

[c] die Aanddiens vind na die Senior kategese plaas. Die mikpunt is jongmense en tieners. Die styl is dus anders as met enige van die ander twee dienste. Opvallend is dat heelwat van die gemeente se ongeveer 50 selleiers verkies om dié eredienste by te woon eerder as die Tradisionele diens. Dit het waarskynlik iets daarmee te doen dat selleiers se opleiding in die aand plaasvind;

[d] die Chinese eredienste vind om 11.00 plaas.

Nog ‘n saak wat die moeite werd is om van melding te maak, is dat die bywoning tussen die drie dienste in getalle en samestelling redelik wissel. By die Tradisionele diens is daar ongeveer 500 lidmate wat die erediens bywoon. In die Gesinsdiens is daar ongeveer 220 lidmate en die Aanddiens word deur ongeveer 350 lidmate bygewoon. Daar is heelwat lidmate wat verkies om slegs een van hierdie dienste by te woon.

Pionierspark vind redelik aansluiting by Noord in terme van eredienstipes en bywoning. Alhoewel daar minder lidmate in Pionierspark is (1350 belydende- en 400 dooplidmate), toon die twee gemeentes se tipe en getal eredienste op ‘n Sondag redelik ooreenkoms. In Namibië is die sisteem dat daar gedurende die skoolkwartaal uitnaweke is waartydens daar ook nie Gesinsdienste plaasvind nie. Dit het te doen met koshuiskinders en die afstande wat lidmate soms moet ry. Tog is daar frustrasie by die dominees oor uitnaweke. Die rede is dat Windhoek ‘n stad is en min van hulle lidmate in koshuise bly. Uitnaweke is dus vir Pionierspark ‘n sisteem waarvan hulle deel is, maar wat nie baie sin maak nie, omdat hulle ‘n voorstedelike NG gemeente is.

Skuilkrans se belewenis van verskillende eredienste op ‘n Sondag is anders. Gedurende

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



die kwartaal het hulle ‘n totaal van vyf eredienste. Soggens is daar twee Tradisionele eredienste en een Gesinsdiens. Saans is daar twee dienste - een Dieper-delf-diens en ‘n Jeugdiens. Meer as een van die eredienste toon ‘n toename in bywoning en parkering is ietwat van ‘n probleem.

# 5 ***Voorbereiding***

> *Wie is betrokke by die voorbereiding van Gesinsdienste? Word ‘n bepaalde model (byvoorbeeld Ian Nel se verwerking van Round Table - beginsels) gevolg vir voorbereiding? As verskillende leraars betrokke is by Gesinsdienste, is daar ‘n beduidende verskil in voorbereiding?*

In Pionierspark is daar een leraar wat beduidend meer tydens die Gesinsdiens preek as die ander leraars. Die voorbereiding word hoofsaaklik deur hom gedoen en ‘n preekwerkgroep speel geen rol nie. Die eredienste in die saal is, volgens alle aanduidings, suksesvol en dit hang in ‘n groot mate van ‘n enkele liturg af. Die poppekas- en tegniese spanne vind aansluiting by dit wat die liturg bepaal.

Noord is in ‘n groot mate besig om sy voete te vind, maar ‘n preekwerkgroep speel ‘n groot rol, veral tydens eredienste waar die sakramente hanteer word. Die preekwerkgroep is klein (vier presone) en die liturg is die persoon wat verantwoordelikheid aanvaar. Tans is die persoon wat meestal daar preek, die leraar met opdrag Jeug. Die preekwerkgroep vertoon die volgende eienskappe:

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



[a] dit het sy eie karakter, maar vind tog aansluiting by die model van McClure. In sy model is die prediker die gasheer van gesprek (1995: 51). Hierdie gesprek vind op Woensdae, voor 'n Gesinsdiens, plaas;

[b] die preekwerkgroep se doel is om op 'n bepaalde manier deel te neem aan die erediensvoorbereiding. Preekwerkgroep "... is a method that involves members of a congregation in sermon brainstorming" (McClure 1995: 7). Dit is 'n manier om die gemeente te laat deelneem aan die voorbereiding van 'n erediens en om sommige lidmate se belangstelling te prikkel in die vormgewing van 'n erediens;

[c] tans is die leraar met opdrag Jeug die enigste persoon wat so 'n preekwerkgroep gebruik;

[d] die liturg bly primêr verantwoordelik vir die Gesinsdiens;

[e] die samestelling toon redelik ooreenkomste met McClure se voorbeelde. Hy maak die volgende opmerking oor een van die mense wat aan die preekwerkgroep deelneem: "There's Bill, a busy lawyer who ... suffers under the oppresive weight of the upper middle-class rat race" (1995: 14)

In Skuilkrans het 'n preekwerkgroep ontwikkel wat sterker en langer funksioneer as die een in Noord. Die werkgroep vergader weekliks ongeag wie die liturg is. Die preekteks word deur die leraar bepaal, maar vir heelwat van die praktiese reëlings word van die leraar verwag om by die werkgroep in te val. Daar is een dame wat leiding neem. Sy doen die praktiese deel en die leraar voorsien die teks. Alhoewel die teks die vertrekpunt is, word dit nie diep eksegeties gelees nie. Die belangrikste vraag wat gevra word, is: "Hoe kan ons Sondag se teks kindervriendelik oordra?" Aanvanklik het al die leraars volgens die preekrooster by die Gesinsdiens gepreek, maar tans is gawe en belangstelling die deurslaggewende faktor. Sommige van Skuilkrans se leraars preek dus slegs een keer per semester in die Gesinsdiens.

# 6 ***Hulpmiddels***

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



*Word hulpmiddels, soos rekenaars, klanktoerusting en truprojektors gebruik?*

Al drie die gemeentes het klanktoerusting wat 'n hele paar mikrofone kan hanteer, sodat meer as een persoon toegang tot klankversterking het. Slegs Skuikrans gebruik nog nie 'n rekenaar met 'n projektor en "power point" nie. Die liedere word met 'n truprojektor aan die gemeente vertoon.

Aan die ander kant is daar Pionierspark wat feitlik alle bekende tegniese hulpmiddels gebruik - dit wat reeds genoem is en soms word 'n rookmasjien en flitsligte ook vir spesiale effekte ingespan. Van die leraars is uitstekend met handvaardighede en plaas reuse prente wat help om atmosfeer te skep teen die mure van die saal.

In Noord is die klanksisteem gemiddeld indien 'n mens na klankgehalte kyk. Alle liedere, dele van die liturgie en preekpunte word op "power point" hanteer. Getuienisse word gelewer met behulp van "video clips." In een jaar is daar redelik vordering gemaak, maar daar is duidelik ruimte vir verbetering wat klankgehalte en afstandmikrofone betref.

# 7 ***Liturgie***

*Watter liturgiese voorstelle word gevolg: Handboek vir die erediens, Buvton se materiaal?*

Noord is die enigste van die gemeentes onder bespreking wat die "Handboek vir die erediens" se voorstelle volg (Barnard 1988: 15 ev). Dit word kindervriendelik ingekleur. Voorbeelde hiervan is:

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



[a] met die votum word 'n gedeelte (Mat 5:3 as voorbeeld) aangehaal uit Die Bybel @ Kinders.co.za (Stander 2002: 952);

[b] tieners het die moontlikheid om as lede van die voorsangers aan die erediens deel te neem;

[c] 'n geloofsbelydenis uit 1 Pet rondom die woorde glo / geloof en vertroue word vir 'n bepaalde erediens kindervriendelik aangepas;

[d] die genadeverkondiging word met 'n rollespel aangebied, eerder as net bloot 'n gelese gedeelte. 'n Voorbeeld van so 'n rollespel is die volgende: 'n Kind kry 'n hospitaaljurkie om aan te trek. God se genade en liefde is nie so nie, want die hospitaaljurkie maak nie alles toe nie. Nog 'n kind kom staan op die verhoog. Hy / sy word met 'n groot kombers toegemaak, sodat niks uitsteek nie. God se liefde en genade is soos die groot kombers. As ons eerlik jammer oor ons skuld is, maak God se liefde nou alles skoon en nuut. In hierdie geval het die klem meer op liefde en genade geval as op die sak en as van skuldbelydenis.

Wat al drie gemeentes in gemeen het, is dat 'n poppekas iewers tydens die erediens aangewend word. Skuilkrans gebruik dit as 'n gesprek. Die liturg is dus in gesprek met 'n poppekaskarakter. Noord gebruik 'n verskeidenheid van karakters wat met mekaar praat en gewoonlik is die poppekas 'n opsomming van die preek. Tydens die poppekas kom sit die kinders voor die kas op 'n mat of op kinderstoeltjies. Elkeen van die karakters het 'n eie identiteit en daar is 'n span mense wat meer as een pop kan hanteer.

Nog 'n saak wat die drie gemeentes in gemeen het, is dat sang 'n baie belangrike rol speel. Daar is meer as een geleentheid in al die gemeentes waar kinders voor kom staan en sing en daar is beweging tydens die sang.

In Skuilkrans speel liturgiese elemente soos verootmoediging en skuldbelydenis 'n ondergeskikte rol. In 'n groot mate is dit ook waar van Pionierspark. Watter dele van die liturgie hanteer of uitgelaat word, ***eenvoud*** is van groot belang. Die liturgiese inrigting

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



word grotendeels deur die liturg bepaal.

‘n Uitsondering rakende sakramente is nagmaal by Pionierspark. Alhoewel hulle die doop by die Gesinsdiens bedien, gebruik hulle nie nagmaal nie. Nagmaal word tydens ‘n gesamentlike diens in die kerk gebruik. Wat daartoe aanleiding gegee het, is waarskynlik praktyk, of gewoonte. Pionierspark het weer die gebruik van belydenisaflegging in die Gesinsdiens.

In al drie gemeentes vind ‘n mens egter vryheid en gemaklikheid. “My eie verstaan daarvan is dat liturgiese tekste nie dieselfde ‘onaantasbaarheid’ het as die belydenisskrifte nie en dat predikante die verantwoordelikheid en die vryheid het om liturgiese materiaal aan te pas by veranderende omstandighede” (Müller 2002: 113).

# 8 Tydsduur

*Is daar ‘n tydsbeperking op die Gesinsdienste; Indien wel, hoe word dit bepaal?*

Die saak is reeds aangeraak. Dis waarskynlik genoeg om net die volgende te sê: Gesinsdienste duur enige iets van 45 minute tot 60 minute. Die duur hang af van junior kategese, wat na die eredienste plaasvind en van alles wat tydens die erediens gebeur, byvoorbeeld doop, of geen doop nie.

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



# 9 ***Skakeling***

*Hoe skakel die Gesinsdienste met ander gemeenteaktiwiteite, byvoorbeeld kategese?*

Oor dié aspek is daar ook omtrent genoeg gesê. Wat bygevoeg kan word, is dat Gesinsdienste mettertyd sy plek in elke gemeente gekry het. Geduld en kennis van die gemeente is 'n goeie vertrekpunt.

In Pionierspark word 'n groot gedeelte van die gemeente se aksies aan Gesinsdienste gekoppel. Voorbeelde hiervan is gesinskampe en 'n lentefees.

# 10 ***Deelname***

*Op watter maniere neem lidmate deel aan die Gesinsdienste? Voorbeeld: gasvryheid voor en na die Gesinsdiens.*

'n Permanente gasvryheidspan in Pionierspark bestaan uit 'n paar gesinne en hulle beman die deure voor die diens. Hulle werk is om erediensbywoners te groet en die aankondigings / afkondigings uit te deel. In Noord is dit die werk van selgroepe, alhoewel die praktyk dikwels redelik informeel is.

In al drie gemeentes word kinders gebruik vir maklike en vinnige rollespelle en kollekte

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



opneem. So is gesinne ook betrokke na kerk by ‘n bekende, sosiale aangeleentheid, naamlik teedrink. Die hele gemeente drink saam tee - lidmate uit die Gesinsdiens én uit die Tradisionele erediens.

Die wonderlike van deelname deur lidmate is dat mense interafhanklik word van mekaar. Geen mens kan ‘n eilandbestaan voer nie. “Rather than promoting dependence on the preacher, this sponsors a sense of *interdependence*” (McClure 1995: 43).

# 11 ***Predikers***

*Is al die predikante in die gemeente op ‘n gelyke basis betrokke by die Gesinsdienste?*

In al drie die gemeentes is daar ten minste een persoon wat beduidend meer as die ander persone in die Gesinsdiens preek. Die persoon is deel van ‘n predikantespan. Die plek in die gemeentes is dat die waar dit uitsorteer word, die leraarsforum is. In die meeste gevalle blyk dit ‘n gemaklike reëling te wees.

Alhoewel daar min formele besluite is, is die vertrekpunt:

[a] vermoë. Kán ‘n persoon ‘n Gesinsdiens lei?

[b] bereidwilligheid. Wíl ‘n leraar ‘n Gesinsdiens lei?

# 12 ***Atmosfeer***

*Hoe word atmosfeer (musiek, versiering van die lokaal) in*

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



*die Gesinsdienste geskep?*

Waarskynlik omdat Pietersburg-Noord nog die kortste tydperk met Gesinsdienste besig is, vertoon hulle saal minder kindervriendelik of Gesinsvriendelik tekens. Alhoewel die simbool van die doop, in die vorm van 'n fonteintjie, duidelik sigbaar en hoorbaar (soms ook voelbaar), aan die hele gemeente is veral op Doopsondae, is daar nog min werkgemaak van simbole rondom die nagmaal, wat 'n permanente tuiste in die saal het. Tog speel die poppekas met helder kleure waarskynlik 'n groot rol. Voor die poppekas is daar 'n kindervriendelike ruimte. In hierdie ruimte is daar groot, dik matte en kinderstoeltjies, waar kinders tydens die doop, poppekas en sommige liedjies wat die gemeente sing, kom sit.

In Pionierspark, was daar vir 'n geruime tyd die mooiste prente teen die saal se mure. Hierdie prente beeld tonele uit die Bybel uit. Die prente van vier by drie meter is teen die mure opgeplak. Weens die verweringsaspek van hierdie prente, moet hulle van tyd tot tyd vervang word. Verder kan slegs die verhalende dele van die Bybel met hierdie prente uitgebeeld word.

Skuilkrans se ingangsortaal is reeds 'n warm ruimte (veral deur uitstallings waarin kinders se skeppende vermoë 'n groot rol speel). Soos by die ander gemeentes, kan beweging maklik plaasvind deur stoele wat in die erediensruimte verskuif kan word. Vir 'n nagmaal is dit gemaklik, omdat die nagmaal se instellingswoorde doeltreffend in die klein groepie hanteer kan word.

Wat al drie gemeentes in gemeen het, is dat kindervriendelike musiek 'n groot rol speel - vir sang tydens die erediens, op CD vooraf en na afloop van die erediens.

Wat wel verrassend is, is dat mense self 'n groot rol speel. Die mense wat daar wil wees,

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



laat mekaar gemaklik in die Gesinsdiens voel. Meer as een van die liturge betrokke by Gesinsdienste het daaroor 'n opmerking gemaak. In Pionierpark praat hulle van 'n spiritualiteitstipe.

In al drie gemeentes se Gesinsdienste is daar tekens van opgewondenheid en 'n behoefte om te huppel, omdat mense oor God se betrokkenheid by hulle bly is. " ... Christelike godsdiens nie 'n godsdiens van antwoorde nie. Dit is nie voltooid genoeg om antwoorde te gee nie. Dit is 'n godsdiens van viering, van blydskap en verwagting ... hoop" (Müller 2002: 108).

# 13 ***Teikengroep***

*Wie is die teikengroep van die Gesinsdienste? Hoe word hierdie saak aan die gemeente oorgedra?*

Die term wat Pionierspark (in elke geval die leraar wat die meeste van die eredienste hanteer) vir hulle teikengroep gebruik, is "Kruisgenerasie." Dit sluit mense in van geboorte tot 35 jaar. Die diens word egter deur oud en jonk bygewoon, selfs deur bejaardes wat self nie kleinkinders het nie. Opvallend van Pionierspark se groei, is eerstens dat lidmate se keuse van bywoning van 'n erediens in 'n mate deur die poppekas bepaal word. Dit lyk asof dit 'n geval is van "love it or hate it." Sodra daar melding van 'n poppekas is, weet mense wat hulle kan verwag en maak 'n keuse oor watter erediens hulle graag wil bywoon.

Groei in die tyd wat Pionierspark met Gesinsdienste besig is, het vir sommige van die leraars ingehou dat hulle minder Kinderdienste hou en meer op volwassenes in die erediens fokus. Een van die leraars wat sedert die begin betrokke is, fokus duidelik op

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



kleiner kinders (ouderdom voorskools tot ongeveer Gr 5). Die moontlikheid dat die verskuiwing in teikengroepe wel met spanning gepaard gegaan het, veral in die leraarsforum, is groot. Tans blyk dit uitgesorteer te wees.

Die teikengroep by Skuilkrans en Noord is kleiner kinders (voorskool tot ongeveer Gr 5). Die vertrekpunt is dat wanneer dit met die kinders goed gaan in 'n gemeente, die ouers ook daar tuis sal voel. Of dit 'n gewone oggenddiens is en of daar 'n sakrament bedien word, die teikengroep word deeglik in gedagte gehou. Aangesien daar 'n bepaalde teikengroep is, is die vertrekpunt dat dele van die liturgie, maar ook die liturgie in sy geheel, kindervriendelik moet wees. Uit die aard van die saak is daar lidmate wat nie by so 'n erediens tuisvoel nie, maar in beide gemeentes is daar nie net ruimte vir die verskille nie, daar word ook prakties iets daaraan gedoen - daar is 'n verskeidenheid van eredienste op 'n Sondag.

# 14 ***Musiek / Gaste***

*Is daar 'n begeleiersgroep betrokke by die Gesinsdiens? Word slegs Nuwe Liedboek (NLB) materiaal gebruik? Tree gaskunstenaars soms op? Tree daar soms gaspredikers op?*

Pionierspark het, sedert die aanvang van die Gesinsdienste, hoofsaaklik van een begeleier gebruikgemaak. Soms is ander lidmate ook ingespan om 'n ander instrument as die klavier te bespeel, maar dan in 'n ondersteuningsrol tot die klavier. Daar is by al die leraars wat aan die Gesinsdiens deelneem die behoefte om die begeleiding uit te brei (meer instrumente en meer voorsangers). NLB-liedere en ander liedere word gesing en as

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



voorafmusiek gebruik. Soms word gaskunstenaars gebruik.

In die paar maande wat Noord met Gesinsdienste besig is, speel een persoon die vleuelklavier. Sy is ook verantwoordelik vir die liedkeuse. Dit word gedoen na aanleiding van die liturg se tekskeuse en tema vir die erediens. Meestal word by die NLB gehou, maar dit is nie 'n moet nie. Dis hoofsaaklik tieners wat die voorafsang hanteer, maar soms is daar 'n gesin wat as voorsangers optree. Geen gaskunstenaars het nog tydens Noord se Gesinsdienste opgetree nie. Wat wel in 2005 van groot belang was, is dat die gemeente 'n nuwe leraar met opdrag Jeug beroep het. Daar was vier kandidate wat by die Gesinsdiens opgetree het. In die lig daarvan dat die Gesinsdiens slegs 'n paar maande aan die gang is, het dit 'n invloed gehad. Daar was dus gereeld dominees, wat onbekend aan die gemeente is, wat by die Gesinsdiens gepreek het.

In Skuilkrans word min NLB-liedjies gebruik. Die eredienswerkgroep, wat deel is van die voorbereiding, speel veral met die voorafsang 'n groot rol. In die lig daarvan dat daar 11 predikante aan Skuilkrans verbonde is, preek daar selde gaspredikers en is daar ook min gaskunstenaars. Die gemeente se belewenis is dat die Gesinsdiens 'n groeipunt is en dat hulle tans nie te veel gaskunstenaars wil gebruik nie, juis omdat die stad soveel verskeidenheid bied en die Gesinsdiens 'n baken vir die gemeente en gemeenskap is.

## 15 ***<u>Prediking</u>***

*Met die teikengroep in gedagte, hoe word die prediking ingeklee?*

Hier is die skuif wat in Pionierspark plaasgevind het die duidelikste. Die prediking fokus op ouerskap, h uwelike, gesinsroeping en rolle binne gesinne. Daar is slegs van tyd tot

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



tyd Kinderdienste. Vir die leraar wat die meeste daar preek, het daar dus 'n verskuiwing plaasgevind in die sin dat daar beduidend minder op kinders gefokus word, maar eerder op die gesin. Aanvanklik was die erediens dus op kinders gemik, maar later het dit meer na ouers verskuif.

Na my mening is daar dus hierdie teenstrydigheid in Pionierspark se Gesinsdiens: "Die prediking is kort en prakties (***wat hoofsaaklik op volwassenes fokus - eie invoeging)***, waar die poppekas ***(wat hoofsaaklik op kinders fokus - eie toevoeging)*** die baie groot aantrekkingskrag is. Die poppe bind die kinders en volwassenes." Ten spyte van die oënskynlike teenstrydigheid, is alle aanduidings dat dit uitstekend met Pionierspark se Gesinsdiens gaan. Dit is 'n groeipunt; die erediens word goed bygewoon. Die gemeente krimp hoofsaaklik as gevolg van geografiese skuiwe en met die geldsake gaan dit ook nie te voorspoedig nie, maar die Gesinsdienste is die een duidelike ligpunt.

Die verskillende leraars betrokke by die Gesinsdienste in Pionierspark se fokus skuif dus van gesinne in die geheel tot slegs op kleiner kinders (hierdie eredienste het dan die potensiaal om as "kinderdienste" bekend te staan).

Noord het ook een leraar wat meestal by die Gesinsdiens optree. Omdat die fokus kinders is, is die preek kort en prakties. Gewoonlik lyk dit soos volg:

a 'n inleiding wat gewoonlik iets met die tema van die erediens te doen het;

b drie tot vyf punte oor die teks word gemaak. Hierdie punte word via 'n skoot-rekenaar en dataprojektor op die groot skerm gegooi. Hierdie punte word met groot en duidelike hulpmiddels verduidelik en kinders is feitlik deurentyd deel daarvan met rollespel of doodeenvoudig net deur iets vas te hou;

c 'n Slot wat die inhoud van die preek saamvat;

d kort daarna volg 'n poppekas wat poog om die preek op Gr 1 tor Gr 2 vlak weer te gee.

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



Omdat Skuilkrans se teikengroep dieselfde is as Noord s'n, toon die inkleding van die preek redelik ooreenkoms. Ten tye van die skryf van die skripsie het Skuilkrans nie 'n dataprojektor gehad nie.

Hieruit kan 'n mens aflei dat die gemeentes se benadering in prediking verskil. Al verskil dit, speel 'n verskeidenheid van hulpmiddels soos krone en klere 'n groot rol tydens die prediking.

# 16 ***Bywoning***

*Word bywoning gemeet? Hoe? Hoe vergelyk bywoning van die Gesinsdienste met die ander dienste se bywoning?*

In Noord word die bywoning gemeet deur leë stoele te tel. Daar woon gewoonlik ten minste 150 mense die Gesinsdiens by. As die Gesinsdiens vol is, is daar ongeveer 300 mense. Bywoning is seisoenaal en redelik gekoppel aan die bediening van sakramente. Die meer tradisionele erediens word deur tot 800 mense bygewoon. Die minste mense wat die tradisionele erediens bywoon, is 400.

Skuilkrans tel ook leë stoele. As die saal vol is, is daar 400 mense wat die Gesinsdiens bywoon. In die lig daarvan dat daar twee ander oggenddienste in Skuilkrans se kerkgebou is, is daar tot 1100 mense wat die ander dienste bywoon.

In Pionierspark is die situasie omgeruil in die sin dat tot 600 mense die Gesinsdiens bywoon. Die saal is groot en het 'n galery. Die meer tradisionele erediens vind in 'n gebou plaas wat tot 1100 mense kan huisves. Die kerkgebou bestaan uit 'n skip en galery. Omdat die diens in die kerkgebou 'n kleiner bywoning as die Gesinsdiens het, sit die

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



meeste lidmate in die skip van die kerk.

# 17 ***Betaling***

*Is daar ander persone, buiten die liturg, wat betaal word?*

In Noord word die musiekbegeleier, die persone verantwoordelik vir die rekenaar en multimedia en die klankpersoon betaal. Die klankpersoon en die persone verantwoordelik vir die rekenaar en multimedia, is tieners. (Hierdie betaling vind op dieselfde manier plaas as met die persone wat in die Tradisionele diens werksaam is). In Skuilkrans word die musiekbegeleier betaal en so ook in Pionierspark.

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



# Hoofstuk 4

## *Preekwerkgroep*

Tydens die eerste kontakweek van studies, is ek blootgestel aan ‘n boek van McClure met die titel “The Roundtable Pulpit.” Die beginsel agter die boek is dat daar ‘n preekwerkgroep in ‘n gemeente kan ontstaan wat die liturg help met die voorbereiding vir ‘n erediens. Die voorbereiding behels in ‘n groot mate ‘n dinkskrum met die werkgroep rondom die teks, vir die komende Sondag. Die teks word deur die liturg gekies en hy / sy bly vir die erediens verantwoordelik. In ‘n groot mate is die denke van McClure dus om die liturg se siening te verbreed. Ook het die preekwerkgroep ten doel dat leiers toegerus sal word: “Collaborative leadership is empowering leadership” (McClure 1995: 13).

Die fokus van die preekwerkgroep bly steeds die reddende werk van Jesus Christus en die duidelike doelwit van die kerk - om God se Woord uit te dra. “The preacher sees to it that all conversation and sacramental actions are centered on the saving work of Jesus Christ and on the mission of the church” (McClure 1995: 29).

Ian Nell het in ‘n tweede kontakweek aansluiting by die werk van McClure gevind en uitgebrei in die lesing wat hy op 18 Augustus 2004 vir ‘n groepie studente aangebied het.

In Pietersburg-Noord is ek by so ‘n preekwerkgroep betrokke. My vertrekpunt is die volgende:

- die liturg / prediker bly self vir die erediens verantwoordelik;
- die liturg is die sameroeper / voorsitter van die werkgroep;
- alhoewel die preekwerkgroep redelik informeel funksioneer, het dit ‘n duidelike invloed op die Gesinsdienste in Noord, veral wat die sakramente betref;
- die preekwerkgroep is nie ‘n vervanging van ‘n erediens die, maar slegs ‘n goeie

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



hulpmiddel;

- daar bestaan die moontlikheid dat die preekwerkgroep weekliks kan vergader. Dis nie altyd moontlik nie as gevolg van 'n verskeidenheid van predikers wat by die Gesinsdiens optree. Tans is die werkgroep in Noord aan 'n bepaalde leraar en bepaalde erediens gekoppel. Die gebruik is dus dat ons telefonies kommunikeer oor wanneer die preekwerkgroep voorbereidingswerk vir 'n erediens gaan doen.

Op 'n persoonlike vlak kan ek net sê dat dit vir my geen geringe saak is nie. Om te preek, vir 'n erediens (veral Gesinsdienste) voor te berei, bly vir my persoonlik een van die moeilikste dinge waarvan ek weet. Ek wonder gereeld of ek genoeg voorberei het, is daar nog iets wat ek kon lees, moes ek met nog lidmate gepraat het om seker te maak dat ek die hedendaagse konteks verstaan? "Whoever goes to the Bible in search of *what* to preach but does not linger long enough to learn *how* to preach has left its pages much to soon" (Craddock 1989: 16). In die preekwerkgroep is ons deurlopend besig om te kyk na die HOE om die Bybel se boodskap oor te dra. Daarom is die Gesinsdienste in Noord 'n proses - nog op pad wees. Dis deel van groei en slegs een van die jaarringe in 'n gemeente se geskiedenis.

In die praktyk lyk dit min of meer so, en hier steun ek redelik op die materiaal wat Ian Nell in die kontaksessie hanteer het:

## [1] *Voorbereiding*

- Die prediker moet goed voorbereid vir die geleentheid wees. Hierdie voorbereiding gaan oor die teks vir die komende Sondag. As basis dien goeie teologiese opleiding en ervaring in die gemeente. 'n Groot deel van die liturg se leeswerk word gedoen voor die preekwerkgroep vergader.
- Deur die samewerking met die preekwerkgroep bly hermeneutiek in die liturg se agterkop. Dit is die dak oor die hele proses. Wat sê die Bybel vir gesinne in vandag se situasie? "Onder hermeneutiek verstaan ek ... die refleksie op die proses van die koms van God in sy Woord na die mens in sy situasie, waarin drie

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



momente onderskei kan word: die *verstaan* (begryp), *die verstaanbaar maak* (verklaar) *en die tot verstaan kom* (toe-eien)"  (Vos 1996: 12).

## [2] *Gasheer*

- Die prediker is die gasheer vir die geleentheid.  Die werkswyse word aan nuwe lede verduidelik en, as dit nodig is, word dit aan gevestigde lede herhaal.  Lidmate se bydrae is om die betekenis van die Skrifgedeelte in hulle eie lewens oor te dra.
- Vertroulikheid is belangrik in die lig daarvan dat lede persoonlike besonderhede in so 'n groep kan deel.

## [3] *Lidmaatskap*

- Mans en vroue kan lede van die preekwerkgroep wees.  By die Gesinsdiens se werkgroep sal die ouderdom redelik ooreenstem, omdat die teikengroep van die Gesinsdiens afgebaken is;
- Mense in die sentrum van die gemeente en mense wat op die rand van die gemeente staan, kan lede wees.  In Noord is hier sterk potensiaal vir uitbreiding, omdat al die lede (4 ) aktiewe lidmate is.  Die vraag is dus: watter inset kan lidmate lewer wat nie deel van die kerngroep van die gemeente is nie?;
- in Noord is die groepie dus klein, maar die groep moet wenslik ook nie uit meer as 10 presone bestaan nie;
- wisseling vind nie tans plaas nie, maar nuwe lede kan by die groep aansluit.

## [4] *Publisiteit*

- Op die aankondigings, wat by die eredienste beskikbaar is, word lidmate genooi om aan die preekwerkgroep deel te neem;

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



- lede van die groep kan self nuwe lede te werf;
- op die oomblik werk ons nie aan werwing van nuwe lede nie, maar in die toekoms gaan dit beslis nodig wees.

## [5] *Preekteks*

- Dit is goed as lidmate vooraf weet wat die teks gaan wees. In die praktyk is dit ongelukkig so dat lede soms eers tydens die werksessie hoor wat die teks is.

## [6] *Dinkskrum en nie voorbereiding nie*

- Dit is die prediker se verantwoordelikheid om aan die groep te verduidelik dat dit die groep se taak is om deel te neem aan ‘n dinkskrum. Hulle vertel dus, na aanleiding van die teks, wat hulle verstaan van God se Woord is. Hulle deel eie ervaringe, wat hulle persepsie van die Christelike tradisie is en wat hulle dink die taak van die gemeente is;
- die prediker bly vir die eksegese van die teks verantwoordelik;
- “Die Skrif is nie net die besit van die eksegete nie: dit is alle teoloë se Bybel.” (Jonker 1981: 40). Anders gestel: die Skrif is nie net die besit van die dominee nie, dit is alle Christene se Bybel. Veel eerder: ek hoop dat ons ‘n paar ongelowiges ook kan aanmoedig om die Bybel te lees;
- daar is deurlopende beweging tussen die teks en die hoorders. Die preekwerkgroep beweeg gedurig tussen die teks en konteks. “In die prediking gaan dit ... om die amptelike bediening van die Woord in die voortdurende heen-en-weer beweging van verklaring en toepassing ...” (De Klerk 1977: 119).

## [7] *Voorkom stereotipering*

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



- moenie vir mekaar woorde in die mond lê nie;
- individuele gesprekke kan na die preekwerkgroep gevoer word;
- vermy dit dat net sommige mense aan die gesprek deelneem.

## [8] *Luister na onderlinge besprekings*

- gesprekke wat na die preekwerkgroep geskied, het die potensiaal om insiggewend te wees;
- hierdie gesprekke is reeds deel van die terugvoer;
- lede kan die prediker later inlig as 'n gedagte na die preekwerkgroep se amptelike byeenkoms by hulle opkom.

## [9] *Neem deel*

- Aan die een kant moet die prediker daarteen waak om met "meerdere kennis" die gesprek te oorheers. Aan die ander kant is sy / haar insette waardevol;
- dit bly die taak van die prediker om rigting aan die gesprek te gee;
- deelname moet van so 'n aard wees dat lede besef dat die belangrikste bydraes wat gemaak is, juis hulle idees was. Eksegese, liturgiese inrigting en die praktiese inrigting van die erediens bly die liturg se verantwoordelikheid (McClure 1995: 64).

## [10] *Tydsindeling van byeenkoms*

Die praktyk in Noord is dat die preekwerkgroep vir ongeveer 60 minute vergader. Omtrent al die sake wat gestel is, word hanteer. Omdat dit 'n baie klein groepie is, is dit moontlik om gemaklik en informeel te wees. Daar is geen skriftelike agenda nie. Die riglyne vir die gesprek is dus in die liturg se gedagtes en meestal word hierdie riglyne

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



gevolg. Maar daar is al van afgewyk, omdat ‘n lid van die groep die behoefte het om byvoorbeeld vir ‘n ruk oor ‘n gesinskrisis te praat. Die prediker bepaal die verloop van die gesprek. Ons rig dit soos volg in:

- ***Terugvoer.*** Wat het by ‘n vorige Gesinsdiens gebeur en hoe oordeel die werkgroep daaroor? Hoe getrou was die Gesinsdiens aan die teksbespreking van die vorige preekwerkgroep se sessie? Was daar terugvoer uit die gemeente wat die moontlikheid het om ‘n invloed te hê op komende Gesinsdienste?
- ***Bybelse teks.*** Die groepie gebruik uit hulle eie hulpmiddels soos “Die Bybel A - Z” (Van der Watt 2003). Daar is min vrae oor byvoorbeeld outeurskap. ‘n Saak wat al meer as een keer wel aangespreek is, handel oor die literatuurtipe van die teks.
- ***In gesprek met mekaar.*** Wat sê die gedeelte en hoe kan ons dit op ‘n gesinsvriendelike manier oordra? Wat is die sake wat aangespreek word? Praktiese voorstelle en kreatiwiteit speel ‘n groot rol in die oordra van die teks aan ‘n gesin van vandag. Insette rondom rollespelle en poppekas is baie welkom. Kan ons iewers in die gesprek ‘n tema vir die erediens vasstel? Wat is die behoeftes wat aangespreek moet word? Die detail sal die prediker self uitwerk. Is daar hulpmiddels wat gemaak kan word en watter rol speel die preekwerkgroep in die voorbereiding van hulpmiddels?
- ***Tydsindeling van die erediens.*** Die mikpunt is om binne 50 - 60 minute met die Gesinsdiens klaar te wees. Daar is dikwels lidmate wat ‘n inset wil lewer met ‘n aankondiging, terugvoer wil gee oor gebeure in die gemeente, ensovoorts. Hoe gaan ons die Gesinsdiens inrig dat ons binne die tydsriglyn bly?
- ***Gebed.*** Ruim tyd word afgestaan vir gebed. Daar word vir die komende Gesinsdiens, gemeente en persoonlike sake gebid.

Die preekwerkgroep in Pietersburg-Noord toon ooreenkomste met ander preekwerkgroepe en is tog ook anders. Tans is ons in ons kinderskoene en daar is die moontlikheid van uitbreiding en

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



verandering.  Die persepsie van die werkgroep is dat daar 'n positiewe invloed is op die Gesinsdienste en dat lidmate die moontlikheid het om deel te neem op 'n unieke en kreatiewe manier.

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



# Hoofstuk 5

# *Afleidings en Aanbevelings*

## 1 ***Nie vir alle gemeentes nie***

Gesinsdienste is nie vir alle gemeentes bedoel nie. Praktiese sake mag maak dat 'n deel van die gemeente graag sou wou sien dat daar op 'n gereelde basis Gesinsdienste plaasvind, maar dit is net nie moontlik nie. Hindernisse mag dalk fisiese fasiliteite wees: as 'n gemeente nie 'n toeganklike saal het nie, kan Gesinsdienste dalk nie daar werk nie.

Wat selfs 'n belangriker faktor is, is die kultuur van die gemeente. In sommige gemeentes is daar maklik ruimte vir die beginsel en praktyk van Gesinsdienste. In ander gemeentes mag daar dalk die behoefte by 'n klein groepie lidmate wees, maar die leierskap van die gemeente sien nie daarvoor kans nie.

As 'n gemeente sukkel om een of ander rede te oorleef, is die kans ook klein dat Gesinsdienste hoog op hulle agenda sal wees. Daar mag plekke wees waar die gemeente besig is om te ontvolk (om geografiese redes) en die meeste lidmate het nie meer kinders in die junior kategese nie.

'n Gemeente mag dalk die behoefte raaksien, maar die leraar of leraars is nie die regte persone om 'n Gesinsdiens te akkommodeer nie. Moet ook nie in die proses van Gesinsdiens vestig baie direkte leesstof verwag nie. Daar is te veel om te lees oor gesinne, eredienste, berading, ensovoorts, maar oor die Gesinsdiens is daar min of geen leesstof nie. Vir goeie leesstof is dit goed dat die liturg 'n uittreksel maak uit materiaal

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



wat aan die rand van Gesinsdienste raak. Teorie en praktyk oorvleuel net gedeeltelik, daarom is dit een ding om oor die Gesinsdienste te teoretiseer en 'n ander ding om dit in die praktyk uit te voer.

Dit is dus goed dat die gemeente se agtergrond eers deeglik bestudeer sal word, voordat Gesinsdienste aangepak word. Elke lidmaat het sy eie verhaal en luister na 'n erediens vanuit sy eie invalshoek. So ook het elke gemeente sy eie verhaal en eie tradisie. "Hoorders hoor met die ore van hulle tradisie" (Vos, 1996: 21).

## 2 ***Vind julle eie identiteit as gemeente***

Ons leef in 'n kultuur waar mense maklik 'n boek wil lees, dit toepas en dan bereik hulle sukses op watter gebied in die lewe ook al. In enige boekwinkel is daar heelwat boeke met titels soos: "Six easy steps to ... " Die stappe is egter dikwels dan nie so "easy" nie. In aansluiting daarby is daar heelwat gemeentes wat reken dat 'n vinnige besoek aan 'n ander gemeente, wat 'n sinvolle bediening op 'n bepaalde gebied het, alle probleme gaan oplos. Veral ver van die stad sien 'n mens dikwels dat lidmate en leraars 'n besoek aan 'n voortreflike, voorstedelike gemeente bring en beginsels uit die gemeente net so in hulle tuisgemeente wil toepas. Dit kan tog nie!

Uit die aard van die saak is daar by ander gemeentes te leer, maar elke gemeente het sy eie kultuur en agtergrond. Daarom is dit waarskynlik 'n goeie ontwikkeling dat die gemeentes wat in die studie ondersoek is, se Gesinsdienste nie klone is nie. Oor 'n tydperk het gemeentes by mekaar geleer, maar hulle het hulle eie identiteit ontwikkel.

Deel van eie identiteit is dat 'n mens nie noodwendig gaan kies vir die benaming "Gesinsdienste" nie. Wat 'n gemeente dit noem, is minder belangrik.

In die Gesinsdienste is dit goed om, as deel van die gemeente se identiteit, aansluiting te

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



vind by groot bewegings in die gemeente. Een voorbeeld van so 'n beweging is die preekrooster. 'n Belangrike faktor wat in gedagte gehou moet word met die opstel van 'n preekrooster, is die kerklike jaar. Oor die kerklike jaar reken Vrijlandt dat die kerk dit bepaal na aanleiding van God se bevrydende dade in die persoon en werk van Jesus Christus. Verder noem hy 'n paar basiese onderdele van die kerklike jaar: advent, epifanie ensovoorts. (1987: 255). Gesinsdienste sal goed doen as die liturg aansluiting vind by wat reeds in die gemeente gebeur. As die res van die gemeente aansluiting vind by BUVTON se materiaal oor die kerklike jaar, is dit goed dat 'n kreatiewe liturg dit aanpas vir die Gesinsdienste

Eie identiteit bly ondergeskik aan die teks van die Bybel. Die liturg bly 'n naprater van die teks. "Preachers who have sought to be open and attentative to biblical texts in their preaching have long sensed that a sermon based upon a psalm, for axample, ought somehow to be different from one that grows out of a miracle story, not only because of *what* the two texts say but also because of *how* the texts say what they say" (Long 1989: 11).

## 3 ***<u>Rome is nie in een dag gebou nie</u>***

Veral as 'n mens jonk is, is dit maklik om redelik ongeduldig te raak. "Gister sou 'n goeie beginpunt vir Gesinsdienste gewees het." 'n Mens klim 'n berg een klip, of rots op 'n slag. Jy spring nie tot bo nie. Om met 'n nuwe projek soos Gesinsdienste te begin, het die potensiaal om vir sommige leraars 'n lewenstaak te wees. In die proses is dit ook moontlik om drie treë vorentoe te gee en een terug te gly.

Konsulteer met ander gemeentes, hou die leierskap van die plaaslike gemeente op hoogte, kyk goed watter hulpmiddels beskikbaar is en watter hulpmiddels kort en bepaal watter lidmate in die gemeente op watter manier kan help. As die leraar wat Gesinsdienste wil aanpak dit in gedagte hou, besef 'n mens dat dit 'n proses is eerder as 'n enkele gebeure.

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



## 4 ***Neem die leiers van die gemeente saam met jou***

Aanvanklik was die beginsel van Gesinsdienste in al drie die ondersoekte gemeentes, vir heelparty van die leiers ‘n vreemde konsep. Daarom mag dit dalk nodig wees om leiers te neem na gemeentes waar Gesinsdienste reeds plaasvind.

Soos wat ‘n mens vorder met Gesinsdienste is dit waarskynlik ‘n goeie idee dat lidmate, wat gereeld Gesinsdienste bywoon, ‘n inset sal lewer by die aanstelling van byvoorbeeld ‘n musiekleier in die Gesinsdiens. Prakties beteken dit dat lidmate wat gereeld Gesinsdienste bywoon, op die Kerkraad moet wees, of maklik toegang moet hê tot die besluitnemingsproses van die Kerkraad, rakende Gesinsdienste.

Elke gemeente het strukture wat die liturge, betrokke by die Gesinsdiens, moet erken en waar nodig, moet die regte kanale gevolg word. Hierdie kanale impliseer dat daar rakende Gesinsdienste maklik ‘n tweerigtinggesprek moet plaasvind. ‘n Predikant is daar om te dien. Soms is hiërargiese strukture nie onvanpas nie, maar, “Hierarchy should not become a fixed form of leader-follower relationship in the church” (McClure 1995: 38).

## 5 ***Wissel liturge af***

In ‘n gemeente waar daar ‘n leraarspan is, is dit maklik om liturge af te wissel. Selfs al het een leraar die verantwoordelikheid om meestal by Gesinsdienste te preek, is dit goed, ter wille van die bepaalde predikant en die gemeente, dat daar tog wisseling is.
Wat nou gemaak met ‘n leraar wat glad nie by Gesinsdienste as liturg kan, of wil optree nie? Die beste is om ruimte te laat dat die persoon dan nie verantwoordelik is vir Gesinsdienste nie. ‘n Alternatief is dat ‘n leraar wat nie by Gesinsdienste aansluiting vind nie, tog Gesinsdienste sal bywoon. Oorweeg die volgende moontlikhede:

a ‘n leraar kan net die sang lei;

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



b of die aandkondigings hanteer;

c miskien lidmate by die deure help verwelkom.

Ter wille van die eenheid van die gemeente is dit nie goed as 'n bepaalde leraar net wegbly van die Gesinsdienste nie. Die sigbaarheid van 'n leraar by Gesinsdienste tel dikwels meer as wat leraars self dink.

Deelname, deur al die liturge van die gemeente, is goed vir die gemeente en die leraars self. As elke leraar op 'n stadium selfs net kom oë wys, sê dit iets vir die eenheid in die leraarspan, asook liturge se behoefte en vermoëns om ten minste net ingelig te wees oor wat in Gesinsdienste gebeur. Deelname is noodsaaklik vir menswees (Patton J & Childs B H 1988: 34). Vir die persone wat deelneem en vir die persone wat die deelname sien.

## 6 ***Vind jou eie identiteit as liturg***

By 'n Gesinsdiens gaan daar waarskynlik meer as een liturg optree. Soos gemeentes by mekaar kan leer, kan predikante ook by mekaar leer, maar dit beteken nie dat een leraar 'n ander een slaafs moet navolg nie. In Pionierspark het net een van die leraars vir 'n hele paar jaar alleen die poppekas aangewend en met gemak het die ander leraars hulle eie identiteit by die Gesinsdiens behou.

Een van die beste plekke waar ek daagliks leer, is in my eie huis. Meer as een van die poppekaste is op 'n manier verbind aan 'n verhaal in my gesin. Die kuns is om nie die liturg se gesin bloot te stel nie, maar wees eerlik met jou gesin. Christene het ook stormwaters in hulle gesinwees. "Daarom is dit nie per se onchristelike om moeilikheid in die gesin te hê nie" (Müller 2002: 110).

Die heel beste plek om te leer, te voel en soms te verstaan, is juis in die liturg se persoonlike verhouding met God. Die lewe is 'n proses van voortdurend gevorm word.

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



Een saak waar God tog vir my 'n stukkie groei gegee het, is hoe ek die lewe verstaan. Die lewe maak vir my sin as ons dit in terme van verhoudings definieer. My verhouding met God staan voorop. Dis bepalend vir alle ander verhoudings waarin ek staan. In tye wat ek al 'n bietjie moedeloos oor Gesinsdienste gevoel het, het ek eers my eie voorkeur van "reg of weg" erken en daarna besef dat Gesinsdienste iets is wat sy kinders op die lewende God laat fokus. "God is not simply the perfect one but is also outside our perfections" (Babin 1991: 131).

# 7 ***Gesinsdienste is volhoubaar, maar vra duidelike insette***

Veral Pionierspark en Skuilkrans se geskiedenis het duidelik getoon dat Gesinsdienste langer aanhou as bloot net een kwartaal. Sou mens met Gesinsdienste in 'n gemeente begin, moet 'n mens gereed wees om 'n pad daarmee te stap. Die pad het egter soms die potensiaal om 'n loodregte krans te word.

Ek onthou dat die eerste eredienste wat ek gehou het, vir my reeds moeilik was. Om verantwoordelikheid vir 'n erediens te aanvaar, het my maar sleg laat slaap op 'n Saterdagaand. Is ek goed genoeg voorbereid, het ek en die orrelis mekaar reg verstaan oor watter lied op watter tyd op 'n bepaalde manier gespeel moet word?
Om verantwoordelikheid vir Gesinsdienste te aanvaar, maak dit nie makliker nie. Daar is meer mense by betrokke as net die musiekleier, koster en dominee. Van die leraar word kreatiewe insette gevra en om aanpasbaar te wees. Om sake effens moeiliker te maak en die liturge by Gesinsdienste se insette meer deurdag te maak, moet mens rekening hou met die moderne mens waar "Toewyding en betrokkenheid nie meer deurslaggewend is nie. Die vraag is watter nut iemand vir jou het" (Müller 2002: 22).

Die grootste inset is een van liefde - liefde wat lidmate van God ontvang en wat ons aan mekaar bewys. Hierby aansluitend is ons verklaring dat ons die Here liefhet, liefde tussen Pa en Ma, liefde tussen kinders (al baklei hulle soms oor die TV se afstandbeheer), liefde

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



tussen lidmate en die liturg se liefde vir die saak van Gesinsdienste. Hierdie liefde is nie 'n persoonlike saak nie, maar moet oorgedra word. "Communication is first and foremost an exchange of love" (Babin 1991: 104).

## 8 *Spring eers weg, groei daarna*

Sukses met Gesinsdienste is nie gewaarborg nie. Al drie gemeentes het groei eers na 'n tydperk beleef. In Noord woon die meeste lidmate nie die Gesinsdiens by nie, maar eerder die Tradisionele diens. Dit hou egter vir die lidmate, betrokke by die Gesinsdiens, geen bedreiging in nie. Dis goed vir die gemeente dat daar meer as een plek is waar lidmate tuis voel.

## 9 *'n Goeie vertrekpunt*

Die plek waar die idee van Gesinsdienste begin, is dikwels by een persoon. In Noord se geval het dit begin met my eie ervaring wat ek in Pionierspark opgedoen het. Idees kan maklik gekelder word as 'n mens dit nie reg aanpak nie. Dit raak dan 'n geval van die jong mense beleef die leierskap van die gemeente, wat dikwels ouer mense is wat nie gereeld in die Gesinsdiens kom nie, as onbuigsaam. Die leierskap sien die jonger mense as hedoniste en mense wat nie hulle idees duidelik, puntsgewys kan oordra nie. Die beste is dan om goed na almal te luister en dan die idee van 'n Gesinsdiens ten minste 'n proeflopie in 'n gemeente te gee. Die regte plek om by herhaling daaroor te praat indien nodig, is binne die leierskap van die gemeente.

## 10 *Probleemarea: betaling*

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



In Skuilkrans en Pionierspark is dit nie regtig ‘n probleem nie, maar in Noord word die volgende mense wel vir dienste tydens die Gesinsdiens betaal: klankpersoon, rekenaarhanteerder, pianis en die leraar. Die voorsangers word nie betaal nie. Hierdie betaling geskied parallel met die betaling van persone in die Tradisionele diens. Die probleem wat ek voorsien, is dat die voorsangers ook op ‘n stadium vir betaling mag vra. Tans het ek geen antwoorde nie, maar wanneer die probleem opduik, is die regte plek in Noord om daaroor te praat, eerstens die Eredienskommissie en daarna die Kerkraad.

## 11 ***Vind daar ‘n breuk in die gemeente plaas as daar drie verskillende eredienste plaasvind?***

Na my mening is hierdie die enkele, grootste, uitstaande saak: dat die gemeente nie op Sondag saam erediens hou nie. Die teenargument is dat die kerkverband ook nie saam erediens hou nie en dat die Christene binne ‘n radius van ‘n paar kilometer in verskillende kerkgeboue kerk hou en mekaar dikwels nie eers ken nie. Soos sake tans in Noord staan, toon die bywoning van die Aanddiens en Tradisionele oggenddiens dat die probleem nie maklik opgelos sal kan word nie. Lidmate wat in die aand kerk toe kom, woon nie noodwendig enige van die oggenddienste by nie.

Pionierspark spreek dit in ‘n mate aan deur twee tot vier keer per jaar saam nagmaal te hou. In Noord is een van die doelwitte vir 2006 dat die Beplanningskommissie aan hierdie saak aandag moet gee.

In Noord is die reaksie op die korttermyn positief. Dit laat mense deelneem aan die erediens en die leierskap van die gemeente sien dit raak. Die Preekwerkgroep en ander vorme van deelname aan ‘n erediens, weerhou lidmate daarvan dat ‘n erediens grotendeels ‘n stukkie vermaak is waarna ek kom kyk wat net die buiterand van my lewe raak.

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)



## 12 ***Benutting van die lokaal vir Gesinsdienste***

In al drie gemeentes is daar heelwat beweging op 'n Sondag. So ook deur die week. Watter lokaal op watter stadium vir watter aktiwiteit benut word, is van groot belang. In Noord mag die gebruik van die saal soos volg verloop: Donderdag gebruik die senior burgers 'n deel van die saal, Saterdag word dit verhuur, Sondag vind daar Gesinsdiens, junior kategese, selopleiding en koffiekroeg plaas. Op ander dae in die week word dit gereeld teen 'n minimale fooi verhuur as 'n diens aan die gemeenskap.

'n Belangrike saak wat vroeg geleer is, is om die gebruik van die saal deeglik met die kantoor te kommunikeer. Die Gesinsdienste en enige verandering daar rondom moet met die kantoorpersoneel bespreek word.

## 13 ***Laat ruimte!***

Binne die NG Kerk is daar tans groot verskeidenheid. 'n Plattelandse gemeente lyk nie noodwendig soos 'n stadsgemeente nie. In die stad kan buurgemeentes beduidend verskillende kulture vertoon. Die drie gemeentes wie se Gesinsdienste ek bestudeer het, noem dit nie eers dieselfde naam nie! Wat ons saambind, is na alle waarskynlikheid "gereformeerd-wees." Die term is baie moeilik om te omskryf. Wat wel vasstaan, is die geloof in God en die wete dat Hy genadiglik vir ons lief is.

Hoe hanteer 'n mens hierdie verskeidenheid in die kerk? Laat ruimte vir verskillende mense! Daar is min spanning rondom die Gesinsdienste. Daar is plek vir kinders, tieners, hulle ouers en grootouers.

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)

# Bibliografie

Babin, P & Ionnone, M 1991. *The New Era in Religious Communication.* Minneapolis: Fortress Press.

Balswick, Jack O & Balswick, Judith K 1990. *The Family. A Christian Perspective on the Contemporary Home.* Grand Rapids: Baker Book House.

Barnard, A C 1985. *Die erediens.* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Transvaal.

Barnard, A C 1988. *Handboek vir die erediens*. Goodwood, Kaap: Nasionale Boekdrukkery.

Brierly, P 1993. *Reaching and keeping teenagers.* Tunbridge Wells: MARC.

Burger, C 1997. *Familie van Gód!* Bloemfontein: Lux Verbi.

Cilliers, J 1996. *Die uitwissing van God op die kansel.* Kaapstad: Lux Verbi.

Cilliers, J 2002a. Die geheim van die prediking: In-stemming met die gemeente, *HTS 58 (1)*, 143 - 156.

Cilliers, J 2002b. Die geheim van die prediking: een-stemmigheid op die kansel, *NGTT DEEL 43 NOMMERS 1 & 2 Maart & Junie 2002, 32 - 38.*

Craddock, F B 1989. *Preaching.* Nashville: Abingdon Press.

Deist, F E 1974. *Die Woord in beweging. Bybeluitleg vir die moderne tyd.* Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.

De Klerk, J J 1977. *Prediking*. Pretoria: N G Kerkboekhandel.

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)

Dingemans, G D J 1991. *Als hoorder onder de hoorders.* Kampen: Uitgeversmaatschappij J.H. Kok.

Jonker, W D 1981. *In diens van die Woord.* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Transvaal.

Kerr. H T 1962. *Children's Nature Story-sermons.* London: Oliphants LTD.

König, A 2001. *Fokus op die 300 Geloofsvrae wat mense die meeste vra.* Wes-Kaap: Lux Verbi. BM.

Le Roux, J H 2002. Hans-Georg Gadamer en die Ou Testament, *Verbum et Ecclesia* 23(2), 383 - 392.

Long, T G 1989. *Preaching and the literary forms of the Bible.* Philadelphia: Fortress Press.

Maimela, S & König, A (Red). 1998. *Initiation into Theology. The rich variety of Theology and Hermeneutics.* Pretoria: J.L. van Schaik.

Marais, F & Marais, A 2002. *Familie is 'n werkwoord.* Wellington: Lux Verbi. BM.

McClure, J S 1995. *The Roundtable Pulpit: Where leadership and preaching meet.* Nashville: Abingdon Press.

McKim, D K 1994. *The Bible in Theology preaching.* Nashville: Abingdon Press.

Müller, J 1990. *Die erediens as fees.* Pretoria: NGKB

Müller, J 2002. *Gesinne van binne.* Bloemfontein: CLF-Drukkers.

Nel, M 2001. *Ek is die verskil.* Bloemfontein: CLF - Uitgewers.

University of Pretoria, etd Crous P A (2006)

Patton, J 1984. *Pastoral Counseling. A ministry of the church.* Nashville: Abingdon Press.

Patton, J & Childs, B H 1988. *Christian Marriage and family. Caring for our generations.* Nashville: Abingdon Press.

Pieterse, H J C 1979. *Skrifverstaan en prediking*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Transvaal.

Pieterse, H J C 1985. *Verwoording en prediking*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Transvaal.

Pieterse, H J C 2000. *Prediking in 'n konteks van armoede.* Pretoria: UNISA.

Stander, H (Red) 2002. *Die Bybel@Kinders.co.za.* Vanderbijlpark: Carpe Diem Boeke.

Van der Watt, J (Red) 2003. *Die Bybel A - Z.* Vereeniging: CUM.

Viljoen, D 1985. *Ons het Jesus lief*. Bloemfontein: Sendingpers.

Vos, C J A 1996. *Die volheid daarvan I. Homilitiek uit 'n hermeneitiese-kommunikatiewe perspektief.* Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Vrijlandt, M A 1987. *Liturgiek.* Delft: Meinema.

Warren, R 2002. *The purpose driven Life.* Grand Rapids Michigan: Zondervan.